# GRONDWET

# VAN DIE

# MEATMASTER SKAAPTELERSGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

**FEBRUARIE 2006**
**Gewysig AJV 11-08-2011**
**Gewysig AJV 12-08-2015**
**Gewysig AJV 07-08-2019**
**Hersien AJV 14-08-2024**

# INHOUDSOPGAWE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **Woordomskrywing** | | **3** |
| **KLOUSULE** | | |
| **1.** | **Naam van die Genootskap** | **6** |
| **2.** | **Doelstellinge** | **6** |
| **3.** | **Magte van die Genootskap** | **6** |
| **4.** | **Lidmaatskap** | **7** |
| **5.** | **Ledegeld en Gelde** | **11** |
| **6.** | **Bedankings, Skorsings, Opskorting en Opheffing van Stemreg van Lede** | **12** |
| **7.** | **Heraansluiting van Lede** | **14** |
| **8.** | **Raad en Uitvoerende Komitee** | **14** |
| **9.** | **Magte en Pligte van die Raad** | **15** |
| **10.** | **Vergaderings** | **18** |
| **11.** | **Notules van Vergaderings** | **22** |
| **12.** | **Finansiële Bepalings** | **22** |
| **13.** | **Regspersoonlikheid en Affiliasie** | **23** |
| **14.** | **Verkiesing van verteenwoordiger/s** | **24** |
| **15.** | **Konstitusionele Wysigings** | **24** |
| **16.** | **Kantoor van die Genootskap** | **24** |
| **17.** | **Outentieke weergawe van hierdie Grondwet** | **24** |
| **18.** | **Ontbinding van die Genootskap** | **24** |
| **19.** | **Koop- en Verkoopdienste deur die Genootskap** | **24** |
| **20.** | **Oordrag van Bevoegdhede** | **25** |
| **21.** | **Nie-lede** | **25** |
| **22.** | **Vrywaring** | **25** |
| **VERORDENING** | | |
| **1.** | **Stoetboek** | **26** |
| **2.** | **Voorvoegsel en Kuddenommers** | **27** |
| **3.** | **Identifikasie** | **28** |
| **4.** | **Naam** | **28** |
| **5.** | **Dekking- en Insemineringsertifikate en gesamentlike besit van ramme en leen ramme** | **28** |
| **6.** | **Toepassing van Kunsmatige Inseminering** | **29** |
| **7.** | **Reëls met betrekking tot die opvang van eiselle en eisel-oorplasings (E.O.)** | **30** |
| **8.** | **Ingevoerde Eiselle** | **31** |
| **9.** | **Dragtigheid- en Interlammingsperiode** | **31** |
| **10.** | **Kennisgewing van Geboorte en Aansoek om Registrasie** | **32** |
| **11.** | **Ouerskapverifiëring** | **33** |
| **12.** | **Vereistes ten opsigte van Aantekening en/of Registrasie** | **33** |
| **13.** | **Inspeksie en Pligte van die Inspekteur/s en Produksie-vereistes** | **33** |
| **14.** | **Rekords van Meatmasterskape** | **34** |
| **15.** | **Oordragte** | **34** |
| **16.** | **Registrasiesertifikaat** | **35** |
| **17.** | **In- en Uitvoer van Meatmasterskape, Semen en Eiselle** | **35** |
| **18.** | **Kennisgewing van gebeure wat die kansellering van Registrasie noodsaak** | **36** |
| **19.** | **Kansellering van Registrasie** | **36** |
| **20.** | **Herstel van Meatmasterskape in die Kuddeboek** | **37** |

# GRONDWET VAN DIE MEATMASTER SKAAPTELERSGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

**WOORDOMSKRYWING**

1. Wanneer dit in hierdie Grondwet gebruik word en ŉ strydige mening nie duidelik uit die verband blyk nie, beteken −

(a) “aantekening”, die om inligting en data op ‘n stelsel vas te lê;

(b) “Departement” die Departement of Departemente van Landbou in die nasionale regering gemoeid met die administrasie van die Wet;

(c) “diensverskaffer” die diere-aantekeningsorganisasie wat deur die Genootskap genomineer is om produksie-aantekeningsdienste (prestasie-aantekening) aan sy lede te lewer;

(d) “dier” ‘n skaap wat die fenotipiese eienskappe van ‘n Meatmaster besit en wat in die Stoetboek aangeteken of geregistreer is en die woorde moer/s, ooi/e, vroulik, lam/lammers, manlik, ram/ramme en vaar/s, sal dieselfde betekenis hê;

(e) “eienaar” (van ŉ Meatmasterskaap), die persoon
(i) wat (volgens die rekords van die Registrerende Owerheid) die dier besit, of
(ii) wat tot bevrediging van die Raad bewys lewer dat sodanige dier geskik is om so in sy naam aangeteken of geregistreer te word;

(f) “eisel”, ŉ eisel van ŉ Meatmasterskaap en sluit ook ŉ embrio in;

(g) “Gebiede”, die RSA en sodanige ander lande soos van tyd tot tyd deur die Registrerende or Owerheid met die goedkeuring van die Minister bepaal;

(h) “geboorte”, die geboorte van ŉ Meatmasterskaaplam;

(i) “Genootskap”, die Meatmaster Skaaptelersgenootskap van Suid-Afrika;

(j) “gestuur”, “gerig” en/of “versprei”, is ‘n soortgelyke betekenis vir die uitdeel van harde kopieë, of verspreiding van geskrewe kommunikasie aan lede deur middel van databoodskappe soos voorsien in die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, Wet 5 van 2002, insluitend publikasies op die amptelike webwerf of enige ander manier van kommunikasie deur gebruik te maak van die genomineerde adres en/of kontakbesonderhede, insluitend elektroniese posadres van ‘n lid en soos deur die lid genomineer is as die voorkeurmedium van skriftelike kommunikasie, met “gerig”, “gepos” en “gestuur” as soortgelyke betekenis.

(k) “Grondwet”, die Grondwet (met inbegrip van die Verordeninge van die Genootskap);

(l) “Hybriede vergadering” ‘n vergadering van lede waar sommige deelnemers die vergadering persoonlik bywoon en ander dit virtueel bywoon en die bywoning van virtuele deelnemers

moet registreer of dokumenteer word;

(m) "INTERGIS (geïntegreerde registrasie en genetiese inligtingstelsel)", die rekenaarstelsel wat in samewerking met die Departement ingestel is waarop Voorvoegsels en Agtervoegsels volgens die Wet geregistreer word en die stambome en prestasiedata van diere te integreer;

(n) "koper", is die persoon of persone aan wie eienaarskap/gesamentlike eienaarskap van 'n Meatmasterskaap oorgedra word deur die verkoper van sodanige dier;

(o) "Landras" 'n bepaalde ras wat inheems is aan die RSA of in die RSA ontwikkel is en as sodanig deur die Registrateur verklaar en afgekondig is;

(p) "Meatmasterskaap", 'n Meatmasterskaap wat in die Stoetboek aangeteken is;

(q) "minimum rasstandaarde" die minimum rasstandaarde waaraan Meatmasterskape moet voldoen soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en op 'n Algemene Vergadering aan die lede voorgelê word vir goedkeuring;

(r) "Minister", die Minister van die betrokke Departement;

(s) "persoon of persone woonagtig in die Gebiede wie 'n teler is", beteken dat die kudde/s van sodanige persoon/persone op plekke in die Gebiede aangehou word en nie noodwendig dat die persoon of teler self in die Gebiede woonagtig is nie;

(t) "produksie-aantekening" is die aantekening en evaluering van produksie-eienskappe soos groeiprestasie, reproduksie en/of funksie;

(u) "Raad", die Raad van die Genootskap;

(v) "Registrateur", die beampte wat ingevolge Artikel 3 as Registrateur van Diereverbetering aangewys is;

(w) "registreer", die prosedure van registrasie van diere in die Hulpstamboek of Volgeregistreerde afdelings van die Stoetboek en waardeur 'n voorvoegsel deur die Registrerende Owerheid namens die teler op die INTERGIS geregistreer word en 'n kuddekenmerknommer (stoetnommer), deur die Registrerende Owerheid op rekord geplaas word;

(x) "Registrerende Owerheid", 'n organisasie wat die aantekening van geboortes en ouerskap administreer en as sodanig geregistreer is volgens die bepalings van Artikel 8(7)(a)(ii) van die Wet;

(y) "RSA", die Republiek van Suid-Afrika;

(z) "Sekretaris", die persoon of entiteit wat deur die Genootskap aangestel is om die sekretariële en/of administratiewe werk van die Genootskap te verrig;

(aa) "Semen", die semen van 'n Meatmasterskaap;

(bb) "Stoetboek", die Stoetboek van die Genootskap waarin die besonderhede van Meatmasterskape by die Registrerende Owerheid aangeteken of geregistreer word;

(cc) "'n Suid-Afrikaans geteelde Meatmasterskaap (vir doeleindes van aantekening)", 'n Meatmasterskaap wat in of op weg na die Gebiede gebore is: Met dien verstande dat 'n Meatmasterskaap wat gebore word as gevolg van 'n ingevoerde eisel as 'n ingevoerde Meatmasterskaap beskou word;

(dd) "teler" (van 'n Meatmasterskaap), die eienaar van
- (i) die moeder ten tyde van geboorte van 'n Meatmasterskaaplam;
- (ii) sodanige Meatmasterskaap tydens aansoek om aantekening in die Stoetboek;
- (iii) die ontvangermoeder ten tyde van 'n geboorte as gevolg van 'n eiseloorplasing;

(ee) "Vereniging", die Suid-Afrikaanse Stamboek- en Diereverbeteringsvereniging, 'n Registrerende Owerheid as sodanig geregistreer kragtens Artikel 29(3)(a) van die Wet;

(ff) "verkoper", is die persoon of persone wat die eienaar/gesamentlike eienaars van 'n Meatmasterskaap is volgens die rekords van die Registrerende Owerheid, of in die geval van 'n ingevoerde dier, die eienaar in die land van herkoms, wat sodanige dier verkoop het;

(gg) "Virtuele vergadering" 'n Vergadering van lede waar reëlings vooraf getref is om deelnemers toe te laat om die vergadering by te woon deur middel van 'n konferensietelefoon, videoskakel of soortgelyke wyse van elektroniese kommunikasie wat deur die Raad goedgekeur is;

(hh) "Wet", die Wet op Diereverbetering, 1998 (Wet 62 van 1998), insluitende die regulasies kragtens die Wet uitgevaardig.

2. Ander woorde, afkortings en terme gebruik in die Grondwet, wat nie hierbo omskryf is nie, en waaraan 'n bepaalde betekenis geheg word in die Wet, sal dieselfde beteken as in die Wet.

3. Tensy 'n teenstrydige bedoeling duidelik uit die verband blyk, sal alle woorde wat in die Grondwet na persone in die manlike geslag verwys, die vroulike geslag insluit en woorde in die enkelvoud, sal die meervoud insluit en woorde in die meervoud, sal die enkelvoud insluit.

# GRONDWET VAN DIE MEATMASTER SKAAPTELERSGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

## 1. NAAM VAN DIE GENOOTSKAP

Die naam van die Genootskap is die Meatmaster Skaaptelersgenootskap van Suid-Afrika.

## 2. DOELSTELLINGE

Onderhewig aan die bepalings van die Wet en hierdie Grondwet is die doelstellinge en magte van die Genootskap om -

2.1 die teelt en verbetering van die genetiese produksie-potensiaal van Meatmasterskape aan te moedig in die Gebiede deur uitvoering te gee aan die magte en pligte verleen aan die Genootskap ingevolge die Wet ten opsigte van registrasie van stambome deur die Registrerende Owerheid, in- en uitvoer van Meatmasterskape, semen en eiselle, tegniese-, adviserende- en inspeksie-dienste of op enige ander wyse;

2.2 die rasegtheid van die Meatmasterskaapras in die Gebiede te bewaar en bevorder en om deur alle moontlike en beskikbare middels belangstelling in die ras te bevorder.

2.3 noukeurige verslae van die stambome en besonderhede van suiwergeteelde Meatmasterskape saam te stel, te bewaar en in stand te hou van alle diere wat deur die Genootskap by die Registrerende Owerheid in die Stoetboek geregistreer is;

2.4 ŉ Suid-Afrikaanse Meatmasterskaap Stoetboek van outentieke stoetery-/kuddegeskiedenis te versamel, op te teken en in stand te hou of te laat hou; en ook sodanige ander rekords as wat van tyd tot tyd nodig geag mag word om die doelstellinge van die Genootskap uit te voer, te hou of te laat hou.

2.5 Rasstandaarde gebaseer op visuele inspeksie en produksie eienskappe vir genetiese afwykings en bouvorm vir die ras daar te stel;

2.6 Om produksie-aantekening en die gebruik daarvan in teeltverbetering aan te moedig;

2.7 die funksies te vervul en pligte uit te voer wat deur die Wet aan die Genootskap opgelê is**;**

2.8 die funksies te vervul en pligte uit te voer wat voortspruit uit sy lidmaatskap van die Registrerende Owerheid;

## 3. MAGTE VAN DIE GENOOTSKAP

Onderhewig aan die bepalings van die Grondwet sal die Genootskap die mag hê −

3.1 om kragtens die verlening van regspersoonlikheid aan die Genootskap in terme van die Wet, sodanige funksies te vervul en pligte uit te voer soos deur die Wet neergelê; en

3.2 om oor die algemeen stappe te neem soortgelyk aan dié wat ŉ regspersoon by wetgewing kan verrig ten einde sy doelstellings te bereik; en

3.3 om die Registrerende Owerheid te versoek om Voorvoegsels namens telers by die organisasie wat deur die Departement aangestel is om die INTERGIS te bestuur, te registreer.

3.4 Die Genootskap-

(a) mag nie gemoeid wees met enige winsgewende bedrywighede, of deel hê in enige besigheids-, professionele- of beroepsbedrywighede van enige van sy lede, of die voorsiening aan enige van sy lede van geldelike hulp of van enige perseel of aanhoudende dienste of fasiliteite wat deur sy lede benodig word vir die beoefening van ŉ besigheid, professie of beroep nie; en

(b) het nie die mag om besigheid te bedryf nie, insluitend, *inter alia*, gewone handelstransaksies in die loop van besigheid, spekulatiewe transaksies, dividend verminderingsaksies sowel as die aankoop van eiendom vir die verhuring daarvan op ŉ stelselmatige of gereelde basis.

## 4. LIDMAATSKAP

### 4.1 WIE DAARVOOR IN AANMERKING KOM

Onderhewig aan die bepalings van Klousule 4.1(a) is lidmaatskap van die Genootskap beperk tot persone ouer as 18 jaar en sal dit bestaan uit die volgende lede:

**(a) GEWONE LEDE**

Alle persone wat direk of indirek gemoeid is met die teelt van Meatmasterskape wat in die Gebiede woonagtig is, kan in aanmerking kom vir lidmaatskap van die Genootskap as Gewone Lede. Vir die doeleindes van hierdie subklousule word ŉ maatskappy, private maatskappy, vennootskap, regspersoon of trust beskou as ŉ persoon en kan dit in aanmerking kom vir Gewone Lidmaatskap van die Genootskap.

**(b) LEWENS-ERELEDE**

Vir spesiale dienste gelewer in belang van die ras mag die Algemene Vergadering ŉ persoon tot Lewens-Erelid verkies, op voorwaarde dat dit op aanbeveling van die Raad geskied. Sodanige Lewens-Erelid sal al die regte en voorregte van lidmaatskap geniet, insluitende stemreg by enige vergadering van die Genootskap en sal ook tot die Raad verkiesbaar wees.

**(c) SPESIALE ERELEDE**

Persone wat nie noodwendig aktief gemoeid is met die teelt van Meatmasterskape nie, mag deur die Raad verkies word tot Spesiale Erelede, op sodanige voorwaardes soos deur die Raad bepaal mag word. Spesiale Erelede sal geen stemreg by vergaderings van die Genootskap hê nie en ook nie tot die Raad verkiesbaar wees nie.

**(d) ERE LEWENS-VISE-PRESIDENTE**

Vir buitengewone dienste vir die bevordering van die ras en/of Genootskap mag persone op aanbeveling van die Raad by ŉ Algemene Vergadering verkies word tot Ere Lewens-Vise-Presidente: Met dien verstande dat sodanige aanbeveling deur ten minste twee-derdes van die lede teenwoordig op die vergadering gesteun word.

Sodanige persone sal die reg hê om enige Algemene Vergadering by te woon en aan besprekings deel ten neem; en, waar uitgenooi, om Raadsvergaderings by te woon, maar sal nie die reg hê om te stem op enige vergadering of vir die verkiesing van Raadslede nie en hulle sal ook nie geregtig wees om as lede van die Raad verkies te word nie.

**(e) JUNIOR LEDE**

Persone onder die ouderdom van 18 jaar mag, mits die Raad dit goedkeur, Junior lede word. Sodanige Junior lede sal geen stemreg by vergaderings hê nie en nie tot die Raad verkiesbaar wees nie. Na die betaling van die vasgestelde gelde mag hulle aan die ander aktiwiteite van die Genootskap deelneem.

**(f) SUBSKRIPSIELEDE**

(i) Enige persoon of regspersoon wat belangstel in die Meatmasterskaapras mag as Subskripsielid aansluit teen betaling van die jaarlikse subskripsiegeld.

(ii) Subskripsielede kan aansoek doen om inspeksie of hulp deur beamptes van die Genootskap teen betaling van die voorgeskrewe gelde.

(iii) ŉ Subskripsielid sal nie:

(a) stemreg hê op ŉ vergadering van die Genootskap nie;

(b) verkiesbaar wees tot die Raad nie;

(c) geregtig wees om diere te vertoon op ŉ skou wat onder die Genootskap se beskerming gehou word nie;

(d) geregtig wees om diere te verkoop op ŉ veiling wat onder die Genootskap se beskerming gehou word nie;

(iv) Subskripsielede sal geregtig wees op die literatuur wat deur die Genootskap versprei word.

**4.2 AANSOEK OM LIDMAATSKAP**

4.2.1 Aansoek om lidmaatskap van die Genootskap moet op die voorgeskrewe vorm (Bylae D) aan die Genootskap gerig word. Die aansoek moet ook vergesel gaan van die betrokke subskripsie en/of intreegeld soos uiteengesit in die Bylae van Gelde van die Genootskap. (Bylae A).

4.2.2 Die Raad mag die aansoek om lidmaatskap van enige persoon aanvaar, hetsy onvoorwaardelik of op sodanige voorwaardes as wat die Raad mag bepaal, of enige aansoek weier sonder om redes vir sodanige weiering te verstrek.

4.2.3 Indien ŉ aansoek om lidmaatskap geweier is, sal die aansoeker geregtig wees op die terugbetaling van enige gelde wat sy aansoek vergesel het.

4.2.4 ŉ Aansoek om lidmaatskap moet vergesel gaan van die nodige bewys dat aan die bepaalde vereistes beantwoord word.

**4.3 MAATSKAPPY, PRIVATE MAATSKAPPY, VENNOOTSKAP, REGSPERSOON OF TRUST**

4.3.1 ŉ Maatskappy, private maatskappy, vennootskap of regspersoon wat om Gewone Lidmaatskap aansoek doen, moet aan die Genootskap sodanige feite en gegewens

voorlê as wat nodig mag wees om die aard van die beherende aandeel daarin te bepaal en moet dan, of te eniger tyd daarna, benewens die vereiste gegewens wat van alle aansoekers verlang word, die Genootskap verder in kennis stel van die naam en adres van die persoon wat aangestel is en deur ‘n resolusie bevestig is om as sy stemgeregtigde verteenwoordiger by vergaderings van die Genootskap op te tree: Op die verdere voorwaarde dat sodanige persoon die reg sal hê om skriftelik ŉ plaasvervanger te benoem deur ‘n resolusie wat die besluit bevestig aan die Genootskap te voorsien. Sodanige skriftelike benoeming moet die Genootskap voor die aanvang van die van die vergadering waarop sodanige plaasvervanger moet stem, bereik nie.

Ten opsigte van ŉ vennootskap moet die volle name en adresse van alle vennote by tye van aansoek om lidmaatskap aan die Genootskap verstrek word en sulke vennote sal gesamentlik of afsonderlik verantwoordelik wees vir alle verpligtinge teenoor die Genootskap.

4.3.2 Alle stukke wat aan sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger, soos in Klousule 4.3.1 uiteengesit gerig is, word beskou as behoorlik op die maatskappy, private maatskappy, vennootskap, regspersoon of trust bestel te wees en by alle vergaderings wat deur sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger namens die maatskappy, private maatskappy, vennootskap, regspersoon of trust bygewoon word, word die maatskappy, private maatskappy, vennootskap, regspersoon of trust beskou as behoorlik verteenwoordig te wees.

4.3.3 Die persoon wat op so ŉ manier aangewys is om sodanige maatskappy, private maatskappy, vennootskap, regspersoon of trust te verteenwoordig, mag tot die Raad verkies word.

4.3.4 Indien so ŉ maatskappy, private maatskappy, vennootskap, regspersoon of trust in gebreke bly om aan die vereistes van Gewone Lidmaatskap te voldoen soos in Klousule 4.1 (a) uiteengesit, sal sy lidmaatskap van die Genootskap beëindig word en die bepalings van die volgende Klousule 4.3.5 sal *mutatis mutandis* op so ŉ maatskappy, private maatskappy, vennootskap, regspersoon of trust van toepassing wees.

4.3.5 In die geval van die likwidasie van ŉ maatskappy of private maatskappy of die ontbinding van ŉ vennootskap, regspersoon of trust, sal lidmaatskap van die Genootskap outomaties beëindig word: Met dien verstande dat –

(a) alle gelde of bedrae aan die Genootskap verskuldig op die datum van likwidasie of ontbinding deur die Genootskap gevorder sal word van die likwidateur van sodanige maatskappy of private maatskappy of van die lede (hetsy gesamentlik of afsonderlik) van sodanige vennootskap, regspersoon of trust;

(b) die likwidateur van die sodanige maatskappy of private maatskappy en die lede van sodanige vennootskap, regspersoon of trust verplig sal wees om al die verpligtinge van so ŉ maatskappy, private maatskappy, vennootskap, regspersoon of trust na te kom ten opsigte van aantekeninge, registrasie, oordragte of enige verpligtinge wat die maatskappy, private maatskappy,

vennootskap, regspersoon of trust sou moes nakom as lid van die Genootskap; en

(c) enige gelde wat betaalbaar mag wees, soos kuddegelde, aantekeninge, registrasie, oordragte of ander verpligtinge wat na so ŉ outomatiese beëindiging van lidmaatskap nagekom moet word, ooreenkomstig die skaal vir Gewone Lede of Lewens-Lede opgelê word.

**4.4 PERSOONLIKE INLIGTING EN REGISTER VAN LEDE**

4.4.1 Deur die aansoek van lidmaatskap gee die lid toestemming aan die Genootskap en die Vereniging om persoonlike en ander inligting te verwerk en die toestemming is onmiddellik na lidmaatskap van krag en sal van krag bly totdat sodanige toestemming deur die betrokke lid teruggetrek word.

4.4.2 Lede se persoonlike identifiseerbare inligting kan insluit, maar is nie beperk nie tot, voorname en van, paspoort of ID-nommer, kontakbesonderhede wat telefoonnommers, eposadresse, fisiese adres, posadres, provinsie en poskode kan insluit.

4.4.3 Die Genootskap en die Registrerende Owerheid sal slegs lede se persoonlike data gebruik om diens te lewer en te verbeter, hul verpligtinge en aktiwiteite na te kom en om hul doelwitte te bereik.

4.4.4 Die Genootskap sal ŉ register van alle lede hou waarin die datum van toelating tot lidmaatskap, alle genomineerde inligting wat nodig is om met sodanige lid te kommunikeer, insluitend maar nie beperk tot fisiese en elektroniese adresse, kontakbesonderhede, asook bedrae van hul ontvang en die datum van betaling asook agterstallige gelde, wat verskuldig mag wees, ingeskryf moet word.

4.4.5 Dit is die uitsluitlike verantwoordelikheid van elke lid om die Genootskap skriftelik van ŉ verandering van sy genomineerde inligting, in kennis te stel en alle kommunikasie, kennisgewings of publikasies wat aan ŉ lid se genomineerde inligting gestuur is, sal beskou word as behoorlik op sodanige lid bestel te wees.

4.4.6 Die Sekretaris sal aan die Registrerende Owerheid die nodige inligting met betrekking tot toelatings tot lidmaatskap, beëindiging van lidmaatskap (vir watter rede ookal) voorsien asook ‘n lid se genomineerde kontakbesonderhede en ander inligting wat nodig geag mag word.

**4.5 REGTE EN VOORREGTE VAN LEDE**

Uitgesluit eksekuteurs van afgestorwe boedels, kurators van insolvente boedels en likwidateurs van maatskappye of private maatskappye sal die regte en voorregte van elke lid van die Genootskap persoonlik op homself van toepassing wees en is dit nie oordraagbaar nie, hetsy deur sy eie handeling of deur wetsbepaling. Sodanige regte van lede sal, onderhewig aan Klousule 4.1, die volgende insluit:−

(a) om alle verslae en ander publikasies te ontvang wat deur die Genootskap vir verspreiding onder lede uitgegee word;

(b) om aansoek te doen om die registrasie of aantekening van Meatmasterskape in

ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet;

(c) om alle algemene vergaderings van die Genootskap by te woon en om op sodanige vergaderings te stem;

(d) om, indien beskikbaar, alle deskundige tegniese advies met betrekking tot aangeleenthede rakende Meatmasterskape van die Genootskap se Inspekteurs en amptenare te ontvang. Alle koste wat hieraan verbonde mag wees, moet deur die aansoeker betaal word;

(e) om die Genootskap se amptelike verslae te raadpleeg en te gebruik; en

(f) om oor al die regte en voorregte en verpligtinge soos in die Grondwet uiteengesit, te beskik.

**4.6 ONTREKKING VAN DATA**

Produksiedata van lede wat aan ‘n goedgekeurde Kleinvee Produksiemetingstelsel deelneem, mag op versoek van die Genootskap en met die toestemming van die lid wat dit nie onredelik sal weerhou nie, aan die Genootskap beskikbaar gestel word. Die Genootskap onderneem dat die data nie tot nadeel van ŉ lid, of lede of die betrokke Diensverskaffer aangewend sal word nie en dat verdere verwerking en moontlike resultate weens sodanige verwerking van die data, nie bekend gemaak sal word sonder vooraf konsultasie met die eienaar(s) van die betrokke diere nie.

**5. LEDEGELD EN GELDE**

5.1 Alle ledegelde of enige ander gelde en kommissie aan die Genootskap betaalbaar, word van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en word vir kennisname op die eerste daaropvolgende Algemene Vergadering van die Genootskap bekend gemaak (soos uiteengesit in Bylae A).

5.2 Die jaarlikse ledegelde is vooruitbetaalbaar op 1 Maart van elke jaar.

5.3 Enige lid of geregistreerde teler wie se ledegeld agterstallig is of wat geld aan die Genootskap skuld ten opsigte van enige gelde of verpligtinge vir meer dan 30 dae nadat ŉ skriftelike eis om die betaling daarvan deur die Sekretaris aan hom na sy genomineerde adres gerig is, sal verder geen regte of voorregte van lidmaatskap geniet voordat sodanige skulde aangesuiwer is nie.

5.4 Die raad mag opdrag gee dat rente en/of boetes gehef word op alle agterstallige rekeninge teen ŉ rentekoers soos van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel mag word.

5.5 Enige lid wat, om watter rede ookal, ophou om lid van die Genootskap te wees sal aanspreeklik bly vir alle bedrae wat ten tyde van die beëindiging van sy lidmaatskap deur hom aan die Genootskap verskuldig was.

5.6 Indien die Raad sou beslis dat die rekening van ŉ lid agterstallig is of ten tyde van die beëindiging van sy lidmaatskap uitstaande is, sal so ŉ lid indien sy rekening vir insameling aan ŉ invorderaar oorhandig word, verantwoordelik gehou word vir die betaling van alle regskoste en vorderingsgelde wat dit mag meebring op die skaal soos tussen prokureur en eie kliënt, tesame met die oorspronklike bedrag, boetes en eise wat deur hom aan die Genootskap verskuldig is.

5.7 Enige gelde ten opsigte van inskrywing, registrasie of aantekening van Meatmasterskape of addisionele administratiewe verpligtinge hieraan verbonde sal deur die lid betaalbaar wees.

5.8 Beëindiging van lidmaatskap moet skriftelik geskied.

## 6. BEDANKINGS, SKORSINGS, OPSKORTING EN OPHEFFING VAN STEMREG VAN LEDE

### 6.1 BEDANKINGS

Enige persoon mag as lid van die Genootskap bedank deur nie minder as drie maande skriftelike kennis aan die Genootskap te gee: Met dien verstande dat sodanige uittrede nie in werking sal tree voor die einde van die boekjaar waarin die bedanking ingedien is nie en nie voordat alle gelde wat aan die Genootskap verskuldig is ten volle betaal is nie, en ook nie voordat sodanige lid sy verpligtinge nagekom het ten opsigte van aantekeninge, registrasies en oordragte of enige ander verpligtinge met betrekking tot sy lidmaatskap nie.

### 6.2 SKORSING EN OPSKORTING

6.2.1 Die Raad mag, mits ŉ besluit tot dien effekte goedgekeur is deur nie minder nie as twee-derdes van die Raadslede wat op ŉ Raadsvergadering teenwoordig en stemgeregtig is, ŉ lid skors of die diense aan enige lid opskort wat −

(a) in gebreke gebly het om enige bedrag wat deur hom aan die Genootskap verskuldig is te betaal binne 60 dae nadat ŉ skriftelike eis vir sodanige vereffening aan hom of haar na die genomineerde adres gestuur is, of binne 60 dae nadat so ŉ eis aan hom of haar na die genomineerde adres gestuur is;

(b) die Grondwet of enige reël van die Genootskap oortree het of wat na oordeel van die Raad op enige wyse oneerbaar of afbrekend teenoor die karakter, of ten nadele van die belange van die Genootskap opgetree het;

(c) deur sy of haar optrede of gebrek daaraan werklike of moontlike oneer aan die Genootskap gebring het of wat skuldig was aan gedrag ten werklike of moontlike nadele van die doelstellinge van die Genootskap;

(d) met opset of vir persoonlike gewin of voordeel foutiewe informasie aan die Genootskap of enige van sy amptenare of aan beamptes of beoordelaars verstrek het, of wat aan die liggaam van ŉ dier sodanige verandering aangebring het om enige persoon te mislei;

(e) skuldig bevind is op grond van oortreding van die Wet; of

(f) probeer om ŉ amptenaar van die Genootskap om te koop;

**MET DIEN VERSTANDE DAT** geen stappe vir opskorting of skorsing geneem sal word teen ŉ lid van die Genootskap nie, alvorens die Genootskap nie minstens 30 dae voor die datum van die Raadsvergadering waarop sodanige beweerde oortreding behandel sal word, ŉ skriftelike kennisgewing aan so ŉ lid se genomineerde adres gerig het waarin hy of sy in kennis gestel word van sy of haar voorgestelde verhoor en waarin daar ŉ beroep op hom of haar gedoen word om persoonlik, of indien hy of

sy so verkies deur sy of haar behoorlike gemagtigde verteenwoordiger, sy of haar kant van die saak op die Raadsvergadering te stel.

6.2.2 Die Raad of enige Komitee van die Raad sal geregtig wees om behoorlik navraag te doen in verband met die gedrag van ŉ lid en om sodanige informasie by so ŉ plek, persoon, firma en/of instansie in ontvangs te neem en daarop te handel op so ŉ wyse as wat Raad mag goeddink.

Die gewone reëlings wat betref die lewering van getuienis sal nie van toepassing wees op sodanige *bona fide* navraag nie, en geen lid sal enige aksie, eis en/of reg van verhaal teen die Raad of sy Komitee hê in verband met enige aangeleentheid en/of saak wat voortspruit uit sodanige navraag of informasie wat bekom is nie.

6.2.3 Enige lid wat geskors, sy lidmaatskap verbeur het of wat opgeskort is, moet deur die Genootskap skriftelik daarvan in kennis gestel word binne drie dae na die datum waarop die besluit met betrekking tot sy of haar opskorting of uitsetting goedgekeur of waarop sy lidmaatskap verbeur is. As dienste aan ‘n lid opgeskort is, sal die kennisgewing die voorwaardes en tydperk van opskorting verduidelik.

6.2.4 Na sodanige skorsing van ŉ lid sal die Raad opdrag aan die Sekretaris gee om sy of haar naam uit die Stoetboek en enige ander registers of verslae van die Genootskap te verwyder en by die Registrerende Owerheid aansoek doen vir die kansellering van alle aantekeninge en/of registrasies ten opsigte van Meatmasterskape wat deur die geskorsde lid geteel is en ten tyde van sy of haar skorsing in sy of haar besit was. Die Raad mag verder van die geskorsde lid verlang om indien van toepassing onverwyld alle aantekening of registrasiesertifikate ten opsigte van Meatmasterskape wat ten tyde van sy skorsing in sy of haar besit was, aan die Genootskap te oorhandig en na sodanige datum sal geen diere deur hom of haar geteel en aangeteken is oorgedra word nie; geen geboortekennisgewings van hom of haar ontvang sal aanvaar word nie en hy of sy sal dienooreenkomstig in kennis gestel word.

6.2.5 Enige lid wat geskors word sal alle gelde wat deur hom of haar aan die Genootskap verskuldig is ten volle betaal, en al sy of haar verpligtinge nakom ten opsigte van aantekeninge, registrasie en oordragte of enige ander verpligtinge met betrekking tot sy of haar lidmaatskap.

6.2.6 Enige persoon wat as lid van die Genootskap geskors word bly aanspreeklik vir alle subskripsies en gelde deur hom of haar verskuldig aan die Genootskap op datum van sy of haar skorsing.

**6.3 OPHEFFING VAN STEMREG**

6.3.1 Enige lid wat vir ŉ termyn soos wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal geen Meatmasterskape in sy of haar naam laat aanteken of registreer het nie, of wat nie aangetekende of geregistreerde Meatmasterskape gedurende sodanige tydperk aangekoop het waarvan die oordragte in sy of haar naam aangeteken is nie, sal sy of haar stemreg met betrekking tot aantekeninge/registrasie en produksiemeting verbeur.

6.3.2 Die stemreg van geen lid sal opgehef word, tensy hy of sy ten minste 30 dae voor die

vergadering waarop sodanige opheffing in werking sal tree skriftelik deur die Sekretaris na die lid se genomineerde adres daarvan in kennis gestel is nie.

6.3.3 Sodanige opheffing van stemreg van 'n lid sal van krag bly totdat hy of sy die versuim wat tot die opheffing van sy of haar stemreg aanleiding gegee het regstel, waarna die opheffing van sy of haar stemreg onmiddellik beëindig sal word sonder dat enige kennisgewing tot dien effekte aan hom of haar gegee moet word.

6.3.4 Die opheffing van stemreg op die hierin vermelde wyse sal geensins die ander regte en/of verpligtinge van lidmaatskap affekteer nie.

**7. HERAANSLUITING VAN LEDE**

Enige persoon wat, om watter rede ookal, opgehou het om lid van die Genootskap te wees, mag daarna weer vir lidmaatskap in aanmerking kom ooreenkomstig die bepalings van Klousule 4 en nadat alle agterstallige skulde vereffen is.

**8. RAAD EN UITVOERENDE KOMITEE**

**8.1 SAMESTELLING VAN DIE RAAD**

Die belange van die Genootskap word beheer en bestuur deur die Raad wat uit die volgende ses lede sal bestaan en wat tydens 'n Algemene Jaarvergadering of spesiale algemene vergadering wat vir dié doel belê is, verkies word:

(i) President
(ii) Vise-President
(iii) 4 lede

(a) Die President en vise-President word verkies vir 'n maksimum ononderbroke termyn van drie jaar, maar word jaarliks deur die Algemene Jaarvergadering herkies.

(b) Lede sal hul amp beklee tot die eerste Algemene Jaarvergadering na hul verkiesing wanneer drie lede deur die lot aangewys sal aftree. Daarna by elke Algemene Jaarvergadering sal die drie lede wat die langste die amp beklee het, die amp neerlê.

(c) Die President, vise-President en uittredende lede is almal herkiesbaar.

(d) Alle persone wat as Raadslede genomineer word, se nominasies moet skriftelik voorgestel en gesekondeer word. Sodanige nominasies moet die Sekretaresse 'n half uur voor die Algemene Jaarvergadering bereik. Voorstellers moet die genomineerde lid se toestemming verkry, om sodoende te verseker dat die genomineerde bereid is om op die Raad te dien. Genomineerde lede moet persoonlik of deur middel van 'n elektroniese kommunikasiemetode, by 'n Algemene Jaarvergadering teenwoordig wees om verkiesbaar te wees.

Lede mag stem vir die aantal Raadslede wat die vakante pos moet vul.

8.2 Benewens die ses verkose lede van die Raad sal daar ook die volgende lede wees wat op die Raad sal dien in 'n adviserende hoedanigheid, maar sonder stemreg −

**(a) ERE LEWENS-VISE-PRESIDENTE**

Vir uitsonderlike dienste aan die ras mag persone op aanbeveling van die Raad by ŉ Algemene Jaarvergadering verkies word tot Ere-Lewens-Vise-Presidente wat uitgenooi kan word om Raadsvergaderings by te woon en nie oor stemreg sal beskik nie. Daar sal egter nooit meer as twee Ere Lewens-Vise-Presidente gedurende dieselfde tyd wees nie;

**(b) DIE SEKRETARIS**

Die Sekretaris van die Genootskap wat alle vergaderings van die Genootskap sal bywoon en die reg het om aan die besprekings deel te neem, maar egter nie stemreg sal hê oor enige probleem of besluit wat by die vergadering geneem word nie.

(c) Enige persoon met spesifieke kundigheid wat van tyd tot tyd deur die Raad gekoöpteer word om die Raad by te staan met advies waar nodig in belang van die Genootskap en sy lede.

8.3 Indien ŉ lid van die Raad te sterwe kom, bedank of ophou om lid van die Genootskap te wees, of sy amp verbeur ingevolge Klousule 8.5, kan die Raad ŉ ander lid van die Genootskap aanwys as sy plaasvervanger met volle magte vir die res van sy dienstermyn: Met dien verstande dat die aanwysing *mutatis mutandis* op die wyse bedoel in Klousule 8.1 (d) moet plaasvind. Die Raad sal as behoorlik gekonstitueer beskou word, en sal voortgaan om al die mag wat aan hom oorgedra is uit te voer nieteenstaande enige vakatures wat daarin mag ontstaan.

8.4 In die geval waar die amp van President of vise-President vakant raak voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy tot die Raad verkies is, moet die Raad by sy daaropvolgende vergadering per stembrief, een uit sy geledere nomineer en verkies om die vakature te vul vir die onverstreke tydperk, en geld die beginsel vermeld in Klousule 8.1(d) ook by sodanige verkiesing.

8.5 Lede van die Raad wat van twee agtereenvolgende vergaderings van die Raad afwesig is sonder toestemming of grondige rede, sal hul amp verbeur.

8.6 **UITVOERENDE KOMITEE**

Die Uitvoerende Komitee van die Raad sal bestaan uit die President, vise-President en een verkose Raadslid. Alle verrigtinge of besluite van die Uitvoerende Komitee sal van krag bly tot die afsluiting van die daaropvolgende Raadsvergadering, en by sodanige vergadering moet al sodanige verrigtinge of besluite goedgekeur of afgekeur word.

## 9. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE RAAD

Die Raad het, onderworpe aan die bepalings van die Grondwet en die besluite van die Genootskap soos van tyd tot tyd geneem word, die mag om sodanig op te tree as wat in belang van die Genootskap is, of vir die bevordering en volvoering van sy doelstelling en wat nodig of wenslik geag mag word.

In besonder het die Raad die Mag om −

9.1 betaling van lenings op enige wyse te sekureer, insluitende die verhipotekering of verpanding van goed, en sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid daarvan, in besonder deur die uitreiking van die soort skuldbrief of skuldbriefeffekte, met of sonder

sekuriteit;

9.2 geld aan enige persoon of maatskappy te leen of geld van enige persoon of maatskappy te leen;

9.3 vrywarings en waarborge en borgstellings aan te gaan en betaling daarkragtens op enige wyse te sekureer;

9.4 donasies of skenkings te maak;

9.5 ŉ trust te onderneem en uit te voer;

9.6 gratifikasies en pensioene te betaal en pensioenskemas, en ander aansporingskemas ten opsigte van sy ampsdraers en werknemers tot stand te bring;

9.7 onderhewig aan die bepalings van Klousule 5.1 die ledegelde of verpligtinge van lede van tyd tot tyd te wysig of aan te pas en om enige bykomende gelde en verpligtinge aan te beveel soos nodig geag mag word;

9.8 een of meer bankrekenings namens die Genootskap te open en enige wissel, skuldbewys of ander verhandelbare dokumente wat op sake van die Genootskap betrekking het te trek, te aksepteer, te endosseer en elektroniese oorbetalings van fondse uit sodanige rekenings, aan te gaan of uit te voer;

9.9 geboue, grond, goedere roerende bates en besittings te koop, te huur, op verband te neem of vir die Genootskap aan te skaf; of roerende goedere of vaste eiendom van die Genootskap te verkoop, te verpand, te verhuur, te vervreem of andersins daarvan ontslae te raak, en die vergoeding daaruit verkry op so ŉ wyse aan te wend as wat tot die grootste voordeel van die Genootskap gereken mag word;

9.10 enige gelde wat nie vir onmiddellike behoeftes van die Genootskap nodig is nie te belê of op enige ander wyse te behartig teen sodanige sekuriteite en op sodanige voorwaardes soos die Raad mag goedvind en van tyd tot tyd enige sodanige beleggings te verander of te onttrek: Met dien verstande dat fondse beskikbaar vir belegging slegs belê mag word by geregistreerde finansiële instellings soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse), 1984, en in effekte genoteer op ŉ gelisensieerde effektebeurs soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985 (Wet no.1 van 1985);

9.11 al die koste en rekenings met betrekking tot die administrasie en bestuur van die Genootskap te betaal;

9.12 gelde, donasies en ander skulde en fondse in te samel en te ontvang en dit tot voordeel van die Genootskap en ter bevordering van die Meatmasterskaapras aan te wend;

9.13 op sekuriteit van enige eiendom van die Genootskap geld vir die Genootskap te leen;

9.14 ooreenkomstig Klousule 5.3 te weier om inspeksie, registrasie, aantekeninge en ander werk vir lede te doen indien hulle uitstaande skuld by die Genootskap het;

9.15 algemene vergaderings van die Genootskap te belê, of na aanleiding van ŉ spesiale versoek daartoe wat volgens die bepalings van die Grondwet gerig is, of andersins indien dit noodsaaklik geag word;

9.16 na goeddunke, sodanige ouditeure, rekenmeersters of rekenpligtige beamptes, prokureurs of ander regsverteenwoordigers, agente, ampsdraers of amptenare of ander werknemers permanent, tydelik of met die oog op spesiale dienste aan te stel, die mandaat te beëindig, te ontslaan of te skors; om hul magte en pligte te bepaal, hul vergoeding en diensvoorwaardes vas te stel en om sodanige voorsorg te tref vir die behoorlike uitvoering van hulle pligte, as wat in besondere gevalle raadsaam geag mag word;

9.17 ŉ geding in te stel, te voer, te laat voer, te verdedig, of ŉ skikking aan te gaan ten opsigte van enige geregtelike stappe deur of teen die Genootskap of teen enige van sy ampsdraers of amptenare of ander werknemers in verband met die aangeleenthede van die Genootskap; en om enige skulde wat betaalbaar is te verminder, of uitstel te verleen vir afbetaling daarvan of die voldoening aan enige eise of aanskrywing deur of teen die Genootskap: Met dien verstande dat enige sodanige voorgenome aksie wat die billikheidsgrens oorskry, aan die lede op 'n Algemene Vergadering voorgelê sal word vir 'n besluit.

9.18 kontrakte buite die Republiek aan te gaan en kontrakte, aktes en dokumente in ŉ vreemde land te verkry;

9.19 aanbevelings te maak ingevolge die Wet met betrekking tot die in- en uitvoer van Meatmasterskape as verklaarde Landras, semen en eiselle;

9.20 Inspekteurs aan te stel en by die Registrerende Owerheid registreer om Meatmasterskape wat vir opname in die Stoetboek te keur en vir die doel van enige ander werksaamhede waarvoor lede van die Genootskap die dienste van inspekteurs mag verlang en om aan sodanige inspekteurs opdragte te gee en magte te verleen met betrekking tot hul pligte om te verseker dat die doelstellings van die Genootskap uitgevoer word, of om hulle te ontslaan;

9.21 opdrag te gee aan Inspekteurs en/of ander amptenare van die Genootskap om ondersoek in te stel na gevalle waar daar nie behoorlik rekord gehou word nie, of waar daar twyfel mag ontstaan met betrekking tot die identiteit van ŉ dier of diere en om sodanige stappe te neem soos in die belang van die Genootskap wenslik geag mag word;

9.22 enige lid van die Genootskap of enige ander persoon te koöpteer as Raadslid en subkomitees te benoem op sodanige voorwaardes en sodanige magte, aan hul te verleen as wat van tyd tot tyd wenslik geag mag word. Die President en vise-President van die Genootskap is *ex officio* lede van alle subkomitees met alle regte en voorregte;

9.23 aan enige lid van die Raad of enige amptenaar of werknemer van die Genootskap verlof tot afwesigheid toe te staan vir enige tydperk en op sodanige voorwaardes as wat in elke geval bepaal mag word;

9.24 een of meer lede of amptenare aan te stel met die gesag om namens die Genootskap dokumente te onderteken, stukke en gegewens te ontvang, geregtelike stappe te doen, op te tree, ŉ eis in te stel, of gedagvaar te word, sodat die sake van die Genootskap beter en gemakliker uitgevoer en afgehandel kan word;

9.25 verteenwoordiger/s te benoem om die Genootskap op enige komitee, liggaam vereniging of organisasie te verteenwoordig soos versoek mag word ;

9.26 aansoeke om lidmaatskap te ontvang en te oorweeg en dit na eie oordeel te aanvaar of af te wys.

9.27 reëls en regulasies met betrekking tot die beheer van sake en die uitvoer van die doelstellinge van die Genootskap op te stel, te wysig of op te hef;

9.28 ooreenkomstig Klousule 6 die lidmaatskap van enige persoon te beëindig of dienste aan ‘n lid op te skort;

9.29 sodanige strawwe op te lê of af te dwing as wat van tyd tot tyd vir lede van die Genootskap bepaal mag word vir die oortreding of skending van die Grondwet, reëls en regulasies van die Genootskap;

9.30 ondersoek in te stel na geskille wat uit die toepassing van die Grondwet mag ontstaan en om uitsluitsel daaromtrent te gee;

9.31 enige bylae wat by die Grondwet aangeheg is, te verander of te wysig soos van tyd tot tyd nodig geag mag word;

9.32 vereistes neer te lê vir die stigting van Meatmasterskaap klubs en hul affiliasie met die Genootskap en om aansoek vir sodanige affiliasie goed te keur;

9.33 rasstandaarde op te stel en minimum vereistes en ander standaarde neer te lê en aan die lede op ‘n Algemene Vergadering voor te lê vir goedkeuring, waarvolgens –

(a) diere deur inspekteurs geïnspekteer word;

(b) aanbevelings gemaak word ingevolge die bepalings van die Wet met betrekking tot die in- en uitvoer van Meatmasterskape, semen en embrio’s van diere as verklaarde Landras;

(c) semen- en embrioskenkers ingevolge die Wet goedgekeur word vir embrio-oorplasing doeleindes; en

(d) ramme ingevolge die bepalings van die Wet aanbeveel word vir goedkeuring vir die verkoop van semen;

9.34 Die strekking van die finansiële jaar van die Genootskap te bepaal;

9.35 in die algemeen alles wat nodig is te doen met die oog op die welvaart van die Genootskap en die hantering van sy sake altyd op voorwaarde dat enige stappe wat gedoen word of opdragte wat gegee word, nie teenstrydig sal wees met die bepalings van die Wet en die Grondwet nie;

## 10. VERGADERINGS

**10.1 VERGADERINGS VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE**

Die Uitvoerende Komitee sal wanneer nodig vergader, hetsy persoonlik, hybriede of ‘n volledige virtuele vergadering, om die pligte wat deur die Raad aan hom opgedra is, uit te voer.

10.1.1 ŉ Raadslid mag die President verlof vra om persoonlik enige saak van belang voor die Uitvoerende Komitee te lê op voorwaarde dat hy volledig op skrif stel wat die aard van die saak is. Indien die President besluit dat die saak van genoegsame belang en dringendheid is, mag hy verlof verleen dat so ŉ Raadslid die vergadering van die Uitvoerende Komitee bywoon om, met toestemming van die Komitee, die vergadering toe te spreek.

10.1.2 Indien die President nie die saak van genoegsame belang ag nie, mag hy verlof tot bywoning weier en, indien hy so oordeel, toesien dat die aangeleentheid op die sakelys geplaas word.

**10.2 RAADSVERGADERINGS**

10.2.1 Die Raad sal op sodanige datum, tyd, en plek vergader as wat van tyd tot tyd deur hom bepaal mag word, of soos wat die President of in sy afwesigheid die vise-President mag besluit: Op voorwaarde dat minstens twee Raadsvergaderings gedurende elke finansiële jaar gehou sal word.

10.2.2 ŉ Spesiale Raadsvergadering –

(a) mag deur die President (of in sy afwesigheid deur die vise-President) belê word, op sodanige datum, tyd en plek as wat sodanige ampsbekleër mag besluit, of

(b) sal belê word op grond van ŉ aansoek onderteken deur nie minder nie as drie Raadslede, waarin die redes vir die vergadering gemeld word. Sodanige aansoek moet aan die Genootskap gerig word.

10.2.3 Die Raad kan besluit of die Raadsvergadering in persoon, hybriede of volledige virtuele vergadering sal wees solank die elektroniese kommunikasie wat gebruik word, alle persone wat aan die vergadering deelneem, in staat stel om ten alle tye met elkeen te kan kommunikeer, met geen tussenganger, en om redelik effektief aan die vergadering deel te neem.

10.2.4 Skriftelike kennisgewing van die tyd, datum en plek en vorm van deelname van ŉ voorgenome Raadsvergadering moet nie minder nie as 14 dae voor die vergadering sal plaasvind, deur die Genootskap aan elke lid van die Raad se genomineerde adres gestuur word.

10.2.5 Waar reëlings vir ‘n virtuele of hibriede vergadering getref is, moet die kennisgewing daardie feit vermeld en besonderhede insluit van die wyse waarop ‘n lid die vergadering kan bywoon, om die lede in staat te stel om toegang tot die beskikbare elektroniese kommunikasie medium te verkry.

10.2.6 Toegang tot die medium of middele van elektroniese kommunikasie is vir die Raadslid se koste, behalwe indien die Raad anders bepaal.

**10.3 ALGEMENE VERGADERINGS**

10.3.1 ŉ Algemene vergadering van die Genootskap wat bekend staan as die Algemene Jaarvergadering, word een keer in ŉ finansiële jaar gehou, hetsy persoonlik, hybriede of 'n volledige virtuele vergadering, op so ŉ datum, tyd en plek as wat die Raad mag bepaal.

10.3.2 By so ŉ Algemene Jaarvergadering sal die Raad sy jaarverslag aan die Genootskap voorlê, tesame met ŉ kompilasie balansstaat en ŉ verslag van die finansiële jaar waarop die verslag betrekking het.

Sodanige Algemene Jaarvergadering moet gehou word –

(a) nie later nie as ses maande na die einde van elke finansiële jaar van die Genootskap;

(b) binne hoogstens 15 maande na die datum van die jongste voorafgaande Algemene Jaarvergadering van die Genootskap.

10.3.3 ŉ Spesiale algemene vergadering van die Genootskap mag te eniger tyd belê word deur –

(a) die Raad, of

(b) die President (of in sy afwesigheid die vise-President) en sal in laasgenoemde geval belê word op grond van ŉ skriftelike aansoek daartoe, wat aan die Genootskap gerig is, en wat deur nie minder nie as ŉ derde van die lede van die Genootskap onderteken is. So ŉ aansoek moet die doelstellinge van die vergadering duidelik uiteensit en gedurende sodanige vergadering mag slegs die gemelde sake behandel word.

(c) datum, tyd, plek en vorm van deelname van 'n Spesiale algemene vergadering sal deur die Raad bepaal word.

10.3.4 ŉ Voorlopige skriftelike kennisgewing van die tyd, datum, plek en vorm van deelname van ŉ algemene vergadering moet minstens 60 dae voor die vergadering deur die Genootskap aan elke lid van die Genootskap se genomineerde adres gestuur word. Enige lid wat van plan is om enige saak by ŉ algemene vergadering vir bespreking voor te lê, moet die Genootskap skriftelik daarvan in kennis stel, nie minder nie as 40 dae voor die vergadering. Geen onderwerp wat deur enige lid voorgestel is, sal op die sakelys van ŉ algemene vergadering geplaas word indien die verlangde kennisgewing van die voorstel nie ooreenkomstig hierdie subklousule gegee is nie.

10.3.5 Finale skriftelike kennisgewing van die tyd, datum, plek en vorm van deelname waarop enige algemene vergadering gehou sal word, tesame met die sakelys en enige ander relevante dokumente vir die vergadering, moet minstens 30 dae voor die vergadering aan elke lid van die Genootskap se genomineerde adres gestuur word.

10.3.6 Waar reëlings vir 'n virtuele of hibriede vergadering getref is, moet die kennisgewing daardie feit vermeld en besonderhede insluit van die wyse waarop 'n

lid die vergadering kan bywoon, om die lede in staat te stel om toegang tot die beskikbare elektroniese kommunikasie medium te verkry.

10.3.7 Toegang tot die medium of middele van elektroniese kommunikasie is vir die lid se koste, behalwe indien die Raad anders bepaal.

10.3.8 Daar sal geen besluit op ʼn algemene vergadering geneem word tensy kennis daarvan op die sakelys wat tesame met die kennisgewing van die vergadering aan lede gestuur is verskyn nie, of tensy so ʼn vergadering met ʼn twee-derde meerderheid van stemme, van lede wat teenwoordig en stemgeregtig is, besluit om enige saak wat nie spesifiek op die sakelys is nie, te bespreek en daartoe te stem, ongeag die bepalings van Klousule 10.3.3 (b); Met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing is op enige Grondwetlike wysigings nie.

10.3.9 Enige algemene vergadering mag verdaag word deur ʼn twee-derde meerderheidstem van die lede wat daarby teenwoordig is.

10.3.10 Vir die doel om besluite wat op ʼn algemene jaarvergadering geneem is, te herroep, word ʼn twee-derde meerderheid stem van die stemgeregtigde lede wat teenwoordig is op ʼn algemene vergadering vereis.

10.4 Die President beklee die voorsitterstoel by alle vergaderings en indien hy afwesig is beklee die vise-President die amp. Indien daar nie een van hierdie ampsdraers by ʼn vergadering teenwoordig is nie, moet die lede wat teenwoordig is ʼn ander lid verkies om tydens sodanige vergadering die voorsitterstoel in te neem en enige persoon wat op so ʼn manier verkies is, sal met betrekking tot daardie vergadering oor die mag beskik om al die pligte van die President uit te voer.

10.5 Alle sake wat voor enige algemene vergadering gelê word tensy andersins voorsien word sal besleg word deur die gesamentlike meerderheid van stemme van die lede wat by die vergadering teenwoordig is en stemgeregtig is en in die geval van ʼn staking van stemme, sal die persoon wat by die betrokke vergadering die voorsitterstoel inneem ʼn beslissende stem naas sy gewone stem hê, behalwe waar daar gestem word vir persone waarby staking van stemme per loting beslis sal word wie verkies is.

10.6 Onderworpe aan die bepalings van Klousule 8.1(d) sal stemming by alle vergaderings met die opsteek van hande geskied, tensy enige teenwoordige lid stemming per briefie verlang, in welke geval stemming per geslote stembrief sal geskied.

10.7 In die geval waar stemming per geheime stemming plaasvind en elektroniese stemme nie totale geheimhouding verseker nie, sal onafhanklike ouditering gebruik word om te dien as die middel om die geheimhouding van sodanige elektroniese stemme te verseker.

10.8 Geen saak wat origens behoorlik en grondwetlik op enige vergadering afgehandel is, kan ongeldig verklaar word slegs weens die feit dat enige lid geen kennisgewing kragtens die vereistes van die Grondwet ontvang het nie.

**10.9 KWORUMS**

10.9.1 25% van die stemgeregtigde lede van die Genootskap wat persoonlik of deur middel van ‘n elektroniese kommunikasiemetode teenwoordig is en waarvan bywoning

aangeteken of dokumenteer is, by die aanvang van enige algemene vergadering vorm ŉ kworum vir so ŉ vergadering en drie Raadslede wat persoonlik of deur middel van ‘n elektroniese kommunikasiemetode teenwoordig is by enige Raadsvergadering en wat stemgeregtig is en waarvan bywoning aangeteken of dokumenteer is, sal ŉ kworum vir so ŉ Raadsvergadering vorm.

10.9.2 Die President en vise-President of Addisionele Lid vorm ŉ kworum vir die Uitvoerende Komitee.

10.9.3 Indien daar by enige vergadering nie ŉ kworum teenwoordig is nie kan die vergadering verdaag tot ŉ datum, tyd (nie minder nie as sewe dae daarna) en plek wat deur die lede persoonlik of deur middel van ‘n elektroniese kommunkasiemetode teenwoordig is, bepaal word. Op so ŉ uitgestelde vergadering vorm die teenwoordige lede wel ŉ kworum: Met dien verstande dat enige vergadering waar daar geen kworum is nie maar waar die President of vise-President teenwoordig is, vir ŉ halfuur verdaag moet word waarna die lede wat dan teenwoordig is, ŉ kworum vorm vir die afhandeling van sodanige sake (behalwe grondwet wysigings) as wat die lid wat die voorsitterstoel beklee, dringend mag verklaar. Sodanige verdaging vir ŉ halfuur sal nie tot nadeel van die regte van die vergadering wees nie om na aandag aan die noodsaaklike aangeleenthede gegee is, te verdaag tot ŉ datum, tyd en plek soos hierin bepaal.

## 11. NOTULES VAN VERGADERINGS

11.1 ŉ Afskrif van die notules van alle Algemene Vergaderings sal aan alle lede van die Genootskap na die lid se genomineerde adres gestuur word. Afskrifte van die notules van Raadsvergaderings en Subkomiteevergaderings sal aan alle Raadslede gestuur word.

11.2 Die notule van alle vergaderings geteken deur die President of ŉ persoon wat die voorsitterstoel beklee, sal na goedkeuring gedurende die daaropvolgende vergadering, [~~sal~~] bewys wees daarvan dat alle verrigtinge behoorlik geskied het en dat alle verkiesings, aanstellings en besluite aanvaar gedurende sodanige vergadering, bindend en van krag is.

## 12. FINANSIËLE BEPALINGS

12.1 Die Raad sal een of meer bankrekenings namens die Genootskap open, waarin alle gelde wat die Genootskap ookal mag ontvang, gedeponeer moet word.

12.2 Alle betalings uit die fonds van die Genootskap word per elektroniese oorplasing van fondse gedoen en moet deur die President of ŉ persoon wat deur die Raad daartoe aangestel is, geteken of gemagtig word en mede-onderteken of gemagtig word deur sodanige persoon of persone wat deur die Raad daartoe gemagtig is, ooreenkomstig Klousule 9.8 op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is, die Raad sal verhoed om ŉ kleinkasfonds in stand te hou en te beheer nie. Ook kan sodanige gereëlde en gewone maandelikse rekenings wat nie ŉ bedrag wat deur die Raad bepaal is, oorskry nie, en wat nie elektronies betaal word nie, kontant betaal word, op voorwaarde dat die totale bedrag wat nodig is vir die betaling van sodanige rekening per debietkaart waarvan die gevolmagtigde die geldige houer is, getrek word. Gemagtigde persone wat enige fondse deur middel van debiet- of kreditkaarte hanteer, sal verantwoordelik wees om bewys te lewer van enige betalings wat gemaak is.

12.3 Die Genootskap moet behoorlike rekeningboeke hou wat van tyd tot tyd, maar nie minder nie as een keer per jaar, deur ŉ rekenpligtige beampte deur die Algemene Jaarvergadering

van die Genootskap daartoe aangestel is, ŉ behoorlike Kompilasie balansstaat en verslag van die finansies van die Genootskap van die finansiële jaar waarop die verslag betrekking het, soos uiteengesit in Klousule 10.3.2 moet aan die Algemene Jaarvergadering van die Genootskap voorgelê word.

12.4 Al die besittings van die Genootskap is gevestig in die Raad.

12.5 Die inkomste en besittings van die Genootskap, uit watter bron ookal ontvang, insluitende profyte en winste, sal enkel en alleen aangewend word ter bevordering van die doelstellinge van die Genootskap en geen deel daarvan sal direk of indirek as dividend of bonus of andersins betaal of oorgedra word aan enige persoon of persone wat te eniger tyd lid of lede van die Genootskap is of was nie, op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is die betaling in goedertrou aan enige werknemer of ander persoon vir dienste wat aan die Genootskap gelewer is, kan verhoed nie.

12.6 Indien daar na die beëindiging of ontbinding van die Genootskap en nadat al die skulde en verpligtinge nagekom is, enige eiendom oorbly, sal sodanige eiendom nie onder die lede van die Genootskap verdeel of aan hulle uitbetaal word nie, maar geskenk of oorgedra word aan sodanige instellings waarvan die doelstellinge ooreenstem met dié van die Genootskap soos deur die meerderheid op ŉ algemene vergadering van die Genootskap besluit.

12.7 Die finansiële jaar van die Genootskap sal ŉ aanvang neem op ŉ datum soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

## 13. REGSPERSOONLIKHEID EN AFFILIASIE

13.1 Die Genootskap het aansoek gedoen om regspersoonlikheid ingevolge Artikel 8(2), 11(1) en Regulasie 7 van die Wet.

13.2 Die Genootskap sal in ooreenstemming met die Wet by ‘n Registrerende Owerheid (tans die Vereniging) geaffilieer wees en sal sodanige lidmaatskap handhaaf op die voorwaardes soos in die Grondwet van die Registrerende Owerheid uiteengesit.

13.3 Die Genootskap mag, onderworpe aan die bepalings van die Wet, ook met enige vereniging, genootskap of organisasie waarvan die doelstellinge nie strydig is met dié van die Genootskap nie, affilieer of inkorporeer op voorwaarde dat so ŉ besluit goedgekeur word deur minstens twee-derdes van die stemgeregtigde lede wat by enige algemene vergadering van die Genootskap teenwoordig is en stem.

13.4 **KLUBS**

Die Raad kan streekstrukture wat as Klubs bekend sal staan implementeer, om die Raad en die Meatmaster Genootskap by te staan om die belange van die Meatmasterskaap-ras te bevorder.

Alhoewel die sogenaamde Klubs outonoom opereer, is die Klubs te alle tye onderworpe aan die superioriteit van die Genootskap en aan die vereistes neergelê deur die Raad in terme van Klousule 9.32 en sy Grondwet.

‘n Lid moet lid van die Genootskap wees om ‘n lid van ‘n Klub te wees.

**14. VERKIESING VAN VERTEENWOORDIGER/S**

Die Raad sal ‘n verteenwoordiger of verteenwoordigers kies ooreenkomstig Klousule 9.25, om die Genootskap op enige komitee, liggaam, organisasie of vereniging soos nodig mag wees, verkies.

**15. KONSTITUSIONELE WYSIGINGS**

15.1 Byvoegings tot, of wysigings of veranderings van die Grondwet, wat nie teenstrydig met die bepalings van die Wet of die Grondwet van die relevante Registrerende Owerheid is nie, mag slegs aangebring word deur ŉ meerderheidsbesluit van nie minder nie as twee-derdes van die lede wat by ŉ algemene vergadering van die Genootskap teenwoordig is, stemgeregtig is en stem, ook moet van die voorgestelde wysigings of byvoegings van die Grondwet asook van die vergadering skriftelik kennis gegee word aan elke lid van die Genootskap nie minder nie as 30 dae voor die vergadering.

15.2 Enige byvoegings of wysigings tot die Grondwet, moet volgens Artikel 12 van die Wet, binne 30 (dertig) dae nadat sodanige byvoegings of wysigings deur die Algemene Vergadering goedgekeur is, aan die Registrateur voorgelê word.

15.3 Indien enige byvoegings of wysigings volgens die Registrateur teenstrydig is met die bepalinge van die Wet, moet hy die Genootskap binne 30 (dertig) dae nadat hy dit ontvang het, skriftelik daarvan in kennis stel in welke geval sodanige byvoegings of wysigings, van nul en gener waarde sal wees.

15.4 Indien geen besware van die Registrateur ontvang word nie, tree enige byvoegings of wysigings aan die Grondwet eers in werking nadat die dertig (30) dae bedoel in Klousule 15.3, verstryk het.

15.5 Nadat die voorwaardes in Klousule 15.4 nagekom is, moet enige wysiging van die Grondwet deur die Genootskap by die Registrerende Owerheid en die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ingedien word.

**16. KANTOOR VAN DIE GENOOTSKAP**

Die kantoor van die Genootskap sal op ŉ plek wees soos wat die Raad mag bepaal.

**17. OUTENTIEKE WEERGAWE VAN HIERDIE GRONDWET**

Aangesien hierdie Grondwet en die Bylaes daartoe in Afrikaans opgestel, ingedien en oorweeg is, word die Afrikaanse teks as die outentieke weergawe daarvan beskou.

**18. ONTBINDING VAN DIE GENOOTSKAP**

Indien daar, na die beëindiging of ontbinding van die Genootskap, en nadat al die skulde en verpligtinge nagekom is, enige eiendom oorbly, sal sodanige eiendom nie onder die lede van die Genootskap verdeel of aan hul uitbetaal word nie, maar geskenk of oorgedra word aan sodanige ander instellings waarvan die doelstellings ooreenstem met dié van die Genootskap soos deur die meerderheid op ŉ algemene vergadering van die Genootskap besluit, en wat opsigself vrygestel is van inkomstebelasting kragtens artikel 10(1)(cB)(1)(ff) van die Inkomstebelastingwet.

**19. KOOP- EN VERKOOPDIENSTE DEUR DIE GENOOTSKAP**

19.1 Die Genootskap kan teen betaling van kommissie of ander gelde bereken op ŉ grondslag soos deur die Raad bepaal, iemand in verband met die aankoop of verkoop van aangetekende Meatmasterskape behulpsaam wees deur ten opsigte van enige aangeleentheid rakende die keuring of teelt van sodanige Meatmasterskape, advies of inligting te verstrek of as sy agent

op te tree in enige hoedanigheid ander as die van afslaer.

19.2 Geen beampte of werknemer van die Genootskap mag, behalwe in die uitvoering van sy pligte as sodanige beampte of werknemer, in Verordening 24.1, beoogde diens lewer, of andersins dan as ŉ teler by enige besigheid in verband met die aankoop of verkoop van aangetekende Meatmasterskape betrokke wees nie.

**20. OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE**

Ondanks enige bepalings in die Grondwet strydig hiermee, mag enige lid deur ŉ volmagprokurasie, behoorlik uitgereik en deur die Genootskap geliasseer, ŉ ander persoon volmag gee om namens hom geboortekennisgewings, aansoekvorms om aantekening, registrasie, oordrag, oordragsertifikate, dekkingserti-fikate, opgawes of verslae of enige ander dokumente met betrekking tot die administrasie van Meatmasterskape te onderteken, en enige sodanige handtekening deur so ŉ ten volle gemagtigde persoon sal deur die Genootskap as net so geldig en bindend aanvaar word asof dit die lid se eie handtekening is: Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is, sodanige gevolmagtigde persoon daartoe in staat stel om op enige moontlike manier deel te neem aan die nominering van, of die stemming vir enige Raadslid, of die stemming oor enige aangeleentheid waarvoor sy prinsipaal stemreg het, of om enige vergaderings namens sy prinsipaal by te woon nie.

**21. NIE-LEDE**

Sodanige voordele van lidmaatskap as wat die Raad mag bepaal, mag aan nie-lede verleen word: Op voorwaarde dat daar geen wetlike of ander verpligtinge op die Genootskap sal rus ten opsigte van sodanige nie-lede nie; en op verdere voorwaarde dat alle gelde met betrekking tot enige dienste wat deur die Genootskap aan enige nie-lede gelewer word, sal wees soos in Bylae A uiteengesit. Sodanige gelde sal vooruitbetaalbaar wees.

**22. VRYWARING**

Uitgesonder enige kriminele en/of kwaadwillige aksie, sal lede van die Bestuur en Amptenare van die Genootskap, gevrywaar wees van enige aksies as gevolg van optrede wat hulle in goeie trou in belang van die Genootskap gedoen het. Die Genootskap sal verantwoordelik wees vir enige kostes wat mag spruit uit sodanige aksies wat mag volg op optrede in goeie trou in belang van die Genootskap.

# ALGEMENE VERORDENINGE

## 1. STOETBOEK

Die registrasiestelsel van die Genootskap sal bestaan uit die Stoetboek (bekend as die Suid-Afrikaanse Meatmaster-Stoetboek), hetsy gerekenariseerd of in enige ander vorm, wat uit die volgende drie afdelings sal bestaan, nl.:

1.1 Basis Register; en
1.2 Hulpstamboek Afdeling; en
1.3 Volgeregistreerde Afdeling.

Alle diere wat van die Ontwikkelingsregister na die Hulpstamboekafdeling en die Volgeregistreerde Afdeling van die Stoetboek oorgeskakel word moet aan die minimum ras- en produksiestandaarde en aan alle registrasie vereistes voldoen.

### 1.1 Basis Register (BS)

Enige diere wat uit ‘n kudde kom waarvan die teler ‘n bevredigende verslag van afstamming aan die Raad kan verstrek en wat aan die minimum ras- en produksiestandaarde voldoen, asook genotipies *cum* fenotipies ‘n Meatmaster is, sal na inspeksie en goedkeuring geskik wees vir registrasie in die Basis Register, mits aansoek vir registrasie binne 60 dae na inspeksiedatum geskied.

### 1.2 Hulpstamboek Afdeling

Die Raad hou die reg voor om slegs Hulpstamboek B, C of SP manlike diere in die Hulpstamboek afdeling toe te laat. Indien die Raad hierdie besluit sou neem moet alle lede ten minste twaalf maande vooruit kennis kry van sodanige besluit.

**1.2.1 Hulpstamboek A** (Voorheen aangeteken as F1 diere)

Die nageslag verwek deur ‘n Basis vroulike en ‘n Basis, Hulpstamboek A, B, C of SP manlike dier wat aan die minimum ras- en produksiestandaarde en alle ander registrasie-vereistes voldoen, sal geskik wees vir registrasie in die Hulpstamboek A Afdeling van die Stoetboek.

Diere aangeteken as F1 sal herklassifiseer en as Hulpstamboek A registreer word.

**1.2.2 Hulpstamboek B** (Voorheen aangeteken as F2 diere)

Die nageslag verwek deur ‘n Hulpstamboek A vroulike dier en ‘n Hulpstamboek A, B, C of SP manlike dier wat aan die minimum ras- en produksiestandaarde en alle ander registrasie-vereistes voldoen, sal geskik wees vir registrasie in die Hulpstamboek B Afdeling van die Stoetboek.

Die nageslag verwek deur ‘n Hulpstamboek B, C en SP vroulike dier en ‘n Hulpstamboek A manlike dier wat aan die minimum ras- en produksiestandaarde en alle registrasie-vereistes voldoen, sal geskik wees vir registrasie in die Hulpstamboek B Afdeling van die Stoetboek.

Diere aangeteken as F2 sal herklassifiseer en as Hulpstamboek B registreer word.

**1.2.3 Hulpstamboek C** (Voorheen aangeteken as F3 diere)
Die nageslag verwek deur ‘n Hulpstamboek B vroulike dier en ‘n Hulpstamboek B, C of SP manlike dier wat aan die minimum ras- en produksiestandaarde en alle ander registrasie-vereistes voldoen, sal geskik wees vir registrasie in die Hulpstamboek C Afdeling van die Stoetboek.

Die nageslag verwek deur ‘n Hulpstamboek C en SP vroulike dier en ‘n Hulpstamboek B manlike dier wat aan die minimum ras- en produksiestandaarde en alle ander registrasie-vereistes voldoen, sal geskik wees vir registrasie in die Hulpstamboek C Afdeling van die Stoetboek.

Diere aangeteken as F3 sal herklassifiseer en as Hulpstamboek C registreer word.

**1.3 Volgeregistreerde Afdeling (SP)** (Voorheen aangeteken as F4 diere)
Die nageslag verwek deur ‘n Hulpstamboek C en SP vroulike dier en ‘n Hulpstamboek C of SP manlike dier wat aan die minimum ras- en produksiestandaarde en alle ander registrasie-vereistes ooreenkomstig die bepalinge van die Grondwet voldoen, sal in aanmerking kom vir die registrasie in die Volgeregistreerde Afdeling (SP) van die Stoetboek.

Diere aangeteken as F4 sal herklassifiseer en in aanmerking kom vir registrasie in die Volgeregistreerde afdeling.

**2. VOORVOEGSEL EN KUDDENOMMERS**

2.1 Diere sal nie vir aantekening of registrasie aanvaar word nie tensy die teler voor die tyd, die Genootskap versoek het, om namens hom deur die Vereniging, ‘n voorvoegsel vir sy uitsluitlike gebruik by die organisasie wat deur die departement aangestel is om die INTERGIS te bestuur, registreer waardeur al die diere deur hom geteel is en aangeteken of geregistreer word, onderskei sal word.

2.2 Aansoek om die registrasie van sodanige voorvoegsel deur die Genootskap moet vergesel gaan van sodanige registrasiegelde as wat van tyd tot tyd voorgeskryf mag word.

2.3 Die oordrag van ŉ voorvoegsel van een teler na ŉ ander sal nie toegelaat word nie, behalwe onder sodanige omstandighede en aan sodanige persone as waarvoor die toepaslike reëls voorsiening maak.

**2.4 KUDDEKENMERKLETTERS**

2.4.1 Kuddekenmerkletters sal deur die Genootskap toegeken word aan telers namate hulle aansoek om lidmaatskap doen.

2.4.2 Die Genootskap se amptelike stelsel van permanente identifikasie van diere wat vir inskrywing in die Stoetboek en vir aantekening in aanmerking kom, is oorplaatjies van òf metaal òf plastiek òf tatoeëring.

2.4.3 Alle lammers wat lewend gebore is en nie binne sewe dae na geboorte vernietig is nie, moet binne sewe dae na datum van geboorte deur die teler in numeriese volgorde gemerk word. Elke jaar moet by nommer een begin word.

2.4.4 Die oorplaatjies moet verkieslik in die linkeroor aangebring word en die oorplaatjie en tatoeëring moet minstens die volgende besonderhede aandui; die identifikasie-

kuddekenmerkletters van die teler, die verkorte jaartal en die volgnommer.

2.4.5 Die oordrag van ‘n kuddekenmerk sal slegs met die toestemming van die Genootskap kan geskied met onverwylde skriftelike kennisgewing aan die Registrerende Owerheid.

**3. IDENTIFIKASIE**

3.1 Alle Meatmasterskape moet geïdentifiseer word òf deur oorplaatjies òf tatoeëring. Die identifikasie sal bestaan uit:

(a) die kuddekenmerknommer of -letters wat nie meer as vier spasie mag beslaan nie, en

(b) die jaarnommer gevolg deur

(c) die volgordenommer van elke lam. Die jaarnommer sal een spasie beloop terwyl die volgordenommer nie meer as vier spasies mag beloop nie.

3.2 ‘n Dier mag elektronies geïdentifiseer word welke identifikasie met die amptelike identifikasie soos in Klousule 4 uiteengesit, gekoppel moet wees.

3.3 Geen gekeurde Meatmasterskape mag verkoop of oorgedra word indien hulle nie duidelik geïdentifiseer is nie.

**4. NAAM**

Die naam van ŉ Meatmasterskaap sal bestaan uit die voorvoegsel, en die identifikasiemerke van die dier en mag nie meer as tien spasies in beslag neem nie.

**5. DEKKING- EN INSEMINERINGSERTIFIKATE EN GESAMENTLIKE BESIT VAN RAMME EN LEEN RAMME**

**5.1 DEKKINGSERTIFIKATE**

5.1.1 Indien ŉ dragtige Meatmasterskaapooi wat aangeteken of geregistreer is oorgedra word moet die verkoper aan die koper en die Registrerende Owerheid ŉ dekkingsertifikaat (natuurlike dekking) of ‘n insemineringsertifikaat (kunsmatige inseminering) voorsien.

5.1.2 Sodanige sertifikaat moet die naam en die registrsienommer van die ram, die naam en registrasienommer van die betrokke ooi, asook die datum van dekking of inseminering aandui.

5.1.3 Ingeval die presiese datum van dekking nie bekend is nie, moet die dekking-sertifikaat die tydperk aandui wat die betrokke ooi/e en genoemde ram/me saam geloop het en verder dat die betrokke ooi/e nie gedurende daardie tydperk deur enige ander ram/me gedek kon gewees het nie.

**5.2 VEREISTES IN DIE GEVAL VAN RAMME WAT IN GESAMENTLIKE BESIT OF GEBRUIK IS**

5.2.1 Wanneer ŉ Meatmasterskaapram oorgedra word aan gesamentlike eienaars, moet die volle naam en adres van elke mede-eienaars op rekord wees by die Registrerende Owerheid.

5.2.2 Indien die vroulike diere wat die eiendom van ander telers as die gesamentlike eienaars is, deur die betrokke ram gedek word, moet die dekkingsertifikate wat ooreenkomstig Verordening 5.1 vereis word, geteken word deur al die mede-eienaars of ŉ mede-eienaar daartoe gemagtig deur die ander mede-eienaars.

5.2.3 Indien een teler ‘n ram vir ‘n spesifieke tydperk aan ‘n ander teler beskikbaar stel, moet die Registrerende Owerheid skriftelik deur die eienaar in kennis gestel word van die betrokke teler, die volle identifikasie van die ram en die betrokke tydperk.

**6. TOEPASSING VAN KUNSMATIGE INSEMINERING**

6.1 Meatmasterskape wat wettiglik deur kunsmatige inseminering verwek is, (dit is in ooreenstemming met die Wet) sal vir registrasie in aanmerking kom op voorwaarde dat aan al die vereistes van die Grondwet en die Wet met betrekking tot aantekening en/of registrasie *mutatis mutandis* voldoen is.

6.2 Geen geboorte van Meatmasterskape wat so verwek is, sal met die oog op registrasie deur die Registrerende Owerheid aanvaar word nie, tensy dit geëndosseer is “Deur Kunsmatige Inseminering Verwek”.

6.3 Indien verskillende ramme vir die verskaffing van semen gebruik word vir die kunsmatige inseminering van dieselfde ooi, minder as 17 dae uitmekaar, sal geen nageslag wat verwek mag word vir registrasie in aanmerking kom nie, ongeag die bepalings van Verordening 6.1, tensy vaderskap deur ‘n DNS-toets of enige ander beproefde aanvaarde wetenskaplike metode van bevestiging van ouerskap, bevestig is nie.

6.4 Die Genootskap behou die reg voor om deur middel van sy ampsdraers toesig te hou oor, en/of inspeksie uit te voer aangaande die noukeurige aantekening van die toepassing van kunsmatige inseminering deur sy lede.

6.5 Die Genootskap en die Registrerende Owerheid behou die reg voor om te weier om nageslag wat deur kunsmatige inseminering verwek is, te laat registreer indien enige van die reëls en regulasies wat deur die Genootskap neergelê is nie ten volle nagekom is nie.

6.6 Telers wat in sodanige gebiede buite die RSA woon mag die voorregte van registrasie van diere geniet, mag aansoek doen om die registrasie van kunsmatige verwekte nageslag: Op voorwaarde dat die semen verkry word van ŉ bron wat deur die Genootskap goedgekeur is; en verder op voorwaarde dat die opvang van die semen, die hantering daarvan, die inseminering van Meatmasterskape en die hou van verslae so gedoen word as wat die Genootskap van tyd tot tyd mag goedkeur.

**6.7 OPVANG EN STOOR VAN SEMEN VAN RAMME WAT NIE INGEVOLGE DIE WET GOEDGEKEUR IS NIE EN DIE AANTEKENING EN/OF REGISTRASIE VAN NAGESLAG VOORTSPRUITEND UIT DIE GEBRUIK VAN SODANIGE SEMEN**

6.7.1 Die Genootskap bevestig die reg van telers om onderhewig aan die bepalings van die Wet, semen van hul eie Meatmasterskaapramme vir gebruik op hul eie Meatmasterskaapooie op te vang, te bevries en te stoor ongeag daarvan of die ramme ingevolge die bepalings van die Wet vir die opvang van semen goedgekeur is al dan nie.

6.7.2 Indien ŉ ram waarvan semen opgevang is vir kunsmatige inseminering verkoop word moet die verkoper van sodanige ram ŉ sertifikaat aan die nuwe eienaar daarvan verstrek waarin aangedui word dat semen van die ram voor sodanige verkoop aldus opgevang is, en waarvan die name van alle vorige eienaars van sodanige ram aangedui word en hy moet ŉ afskrif van sodanige sertifikaat aan die Registrerende Owerheid verstrek.

**6.8 INGEVOERDE SEMEN**

Nageslag verwek deur kunsmatige inseminering, in ooreenstemming met die vereistes van die Grondwet en die Wet, uit aangetekende ooie met ingevoerde semen sal geskik wees vir registrasie mits ŉ aanvaarbare twee-generasie uitgebreide stamboom en ŉ DNS-profiel van die semenskenker aan die Registrerende Owerheid voorgelê word.

**7. REëLS MET BETREKKING TOT DIE OPVANG VAN EISELLE EN EISEL-OORPLASINGS (E.O.)**

7.1 Meatmasterskape wat wettiglik deur eisel-oorplasings ontstaan het (d.i. in ooreenstemming met die Wet) sal vir registrasie in aanmerking kom: Op voorwaarde dat –

(a) aan die vereistes van die Grondwet *mutatis mutandis* voldoen is;

(b) ouerskap van elke lam, voortspruitend uit sodanige eisel-oorplasing deur ‘n DNS-toets of enige ander beproefde aanvaarde wetenskaplike metode van bevestiging van ouerskap, bevestig is, behalwe indien anders deur die Registrerende Owerheid vereis word;

(c) die volgende dokumente binne 90 dae na inovulering by die Registrerende Owerheid ingedien word −
  (i) die betrokke insemineringsertifikaat (indien van toepassing);
  (ii) die DNS-laboratorium-nommers van die eiselskenker, die semenskenker en eiselontvanger, indien nie anders deur die Registrerende Owerheid vereis; en
  (iii) ŉ sertifikaat uitgereik deur ŉ veearts tot dien effekte dat die opvangs van die eisel en die inovulering in ooreenstemming met die Wet geskied het;

(d) ‘n Geboortekennisgewing met betrekking tot ‘n dier verwek deur ‘n embrio oorplasing moet in die formaat soos deur die Genootskap bepaal, ingedien word.

(e) dat beide die semenskenker en die eiselskenker vir sodanige doeleindes deur die Raad goedgekeur is, wie ook die reg sal hê om die aantal skape wat ontstaan het van eiselle van enige eiselskenker, te beperk vir aanvaarding vir registrasie;

(f) nageslag wat deur inovulering ontstaan het sal vir registrasie aanvaar word onderworpe aan die bepalings van die Grondwet.

7.2 Die Genootskap behou die reg voor om deur middel van sy ampsdraers toesig te hou oor en inspeksies uit te voer aangaande die rekordhouding van die opvang van eiselle en inovulering.

7.3 Telers wat in sodanige gebiede buite die RSA woon sal die voorreg van registrasie van diere geniet ooreenkomstig die bepalings van die Wet en mag aansoek doen vir registrasie van nageslag wat deur eisel-oorplasings ontstaan het: Op voorwaarde dat die eiselle verkry is

van ŉ bron wat deur die Genootskap en die Registrerende Owerheid goedgekeur is; en verder op voorwaarde dat die opvang van eiselle, die hantering daarvan, die inovulering van diere en die hou van verslae op so ŉ wyse gedoen word as wat die Registrerende Owerheid van tyd tot tyd mag bepaal.

7.4 Indien ŉ ooi waarvan eiselle opgevang was vir die doel van inovulering verkoop word, moet die verkoper van sodanige ooi aan die nuwe eienaar die inligting verstrek waarin dit aangedui word dat eiselle van sodanige ooi opgevang was voor die datum van verkoop en moet hy die Registrerende Owerheid met dieselfde inligting voorsien.

7.5 Die Genootskap en die Registrerende Owerheid behou die reg voor om te weier om nageslag wat deur inovulering ontstaan het, vir registrasie aan te beveel indien enige van hierdie verordeninge nie ten volle nagekom, is nie.

**7.6 NAGESLAG ONTSTAAN DEUR INGEVOERDE EISELLE**

7.6.1 Nageslag wat deur inovulering van ingevoerde eiselle ontstaan het sal vir registrasie in aanmerking kom op voorwaarde dat aan al die vereistes van die Grondwet *mutatis mutandis* voldoen is.

7.6.2 Sodanige ingevoerde eiselle moet in die land van oorspring opgevang word deur ŉ bevoegde liggaam (goedgekeur deur die Direktoraat: Dieregesondheid van die Departement) van ŉ eiselskenker wat aan die minimum vereistes voldoen soos deur die Genootskap bepaal en goedgekeur is deur die Registrerende Owerheid vir die invoer van eiselle en, indien bevrug, moet sodanige eisel kunsmatig bevrug wees met semen van ŉ ram wat eweneens aan die minimum vereistes voldoen soos bepaal deur Genootskap en goedgekeur is deur die Registrerende Owerheid.

**8. INGEVOERDE EISELLE**

ŉ Inovuleringsertifikaat ten opsigte van inovulering met ingevoerde Meatmasterskaap-eiselle moet behalwe die bepalings van Verordening 7, vergesel gaan van −

(a) ŉ Sertifikaat wat deur ŉ erkende bevoegde liggaam in die land van oorspring uitgereik is -
- (i) van die naam, identifikasie- en registrasienommer van die eiselskenker;
- (ii) van die datum en plek van opvangs;
- (iii) van die aantal lewensvatbare eiselle opgevang van die betrokke eiselskenker;
- (iv) dat die eiselle opgevang is vir uitvoer na die Gebiede; en
- (v) wat die naam en adres van die invoerder aandui; en

(b) in die geval van ŉ bevrugte eisel ook ŉ sertifikaat behoorlik geteken deur ŉ erkende bevoegde liggaam in die land van oorsprong wat die naam, identifikasie en registrasienommer van die betrokke semenskenker, asook die datum en plek van bevrugting van kunsmatige inseminering aandui.

**9. DRAGTIGHEID- EN INTERLAMMINGSPERIODE**

Die dragtigheidsperiode wat ten opsigte van Meatmasterskape erken word is tussen 140 en 160 dae. Geen periode buite hierdie tydsbestek sal sonder spesiale goedkeuring van die Raad erken word nie tensy ouerskap deur ‘n DNS-toets of deur ‘n beproefde aanvaarde wetenskaplike metode bevestig word. Die minimum aanvaarbare periode tussen twee agtereenvolgende lammers van ŉ ooi sal 140 dae wees.

## 10. KENNISGEWING VAN GEBOORTE EN AANSOEK OM REGISTRASIE

10.1 Die teler van ŉ lam gebore uit ‘n geregistreerde ooi in die Stoetboek of ooi wat vir registrasie in aanmerking kom, moet die Registrerende Owerheid van die geboorte van die lam in kennis stel ongeag of so ŉ lam lewendig of doodgebore is, raseg of ŉ kruising is, of vir aantekening en/of registrasie behou word al dan nie.

10.2 Kennisgewing van elke geboorte moet op ‘n wyse soos deur die Registrerende Owerheid goedgekeur, geskied en nie later nie as 30 dae na die geboorte van die lam wat laaste aangekom het in ŉ betrokke lamseisoen, die Registrerende Owerheid van die geboorte in kennis stel.

10.3 Ongeag Verordening 10.2 kan die Raad ŉ kennisgewing van geboorte/aansoek om aantekening en/of registrasie aanvaar wat die Registrerende Owerheid bereik meer as 30 dae maar minder as 180 dae na die geboorte van die lam, onderhewig aan die voorgeskrewe boete (Bylae A).

Kennisgewing van geboorte/aansoek om aantekening en/of registrasie wat meer as 180 dae na die geboorte van die lam deur die Registrerende Owerheid ontvang word, sal slegs aanvaar word onderhewig aan die goedkeuring van die Raad en die betaling van ŉ boete soos wat die Raad mag bepaal.

10.4 In die geval van geboortes van meerlinge moet die teler benewens die gegewens wat gewoonlik verlang word ook op die geboortekennisgewing/aansoek om aantekening en/of registrasie van elke lam die kuddenommer/-letters van die ander lam of lammers aandui.

10.5 Die Registrerende Owerheid sal namens elke teler rekords hou van alle geboortes, hetsy lewendig of doodgebore, waarvan die teler die Registrerende Owerheid behoorlik in kennis gestel het en ook van sodanige besonderhede as wat deur die Genootskap nodig geag mag word.

10.6 Die geboortekennisgewing is onderworpe daaraan dat die teler volle verantwoordelikheid aanvaar dat die stamboom, telingsbesonderhede en permanente identifikasie van die dier of diere korrek aan die Registrerende Owerheid voorsien is.

10.7 Geen geboortekennisgewing/aansoek om registrasie van ŉ Meatmasterskaap wat *in utero* ingevoer is, sal deur die Raad aanbeveel word tensy die moeder deur die Registrerende Owerheid registreer is en tensy die aansoek vergesel gaan van –

(a) ŉ dekkingsertifikaat geëndosseer deur die bevoegde liggaam in die land van oorsprong of deur ŉ insgelyke geëndosseerde insemineringsertifikaat (afhangende daarvan of die bevrugting deur natuurlike dekking of kunsmatige inseminering veroorsaak is), en

(b) bewys dat die ouers voldoen aan die vereistes soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

### 10.10 INGEVOERDE MEATMASTERSKAPE

Ingevoerde Meatmasterskape sal slegs geskik wees vir registrasie indien die aansoek om aantekening vergesel gaan van –

(i) ŉ sertifikaat van registrasie of uitvoer uitgereik deur ŉ bevoegde gesag in die land van herkoms wat deur die Registrerende Owerheid erken is;

(ii) bewys dat die betrokke Meatmasterskaap beantwoord aan die vereistes soos wat van tyd tot tyd bepaal mag word insluitende ŉ volledige twee-generasie uitgebreide stamboom van sodanige Meatmasterskaap.

**11. OUERSKAPVERIFIëRING**

Ongeag die bepaling van Verordening 3 behou die Raad die reg voor om te eniger tyd indien dit nodig geag word, ŉ DNS-toets of enige ander beproefde aanvaarde wetenskaplike metode van bevestiting van ouerskap van enige Meatmasterskaap te vereis met die oog op identifisering. Die koste verbonde aan ŉ DNS-toets sal deur die Genootskap gedra word in gevalle waar die Genootskap dit vereis, en indien geen foute met die teler se registers gevind word nie. In gevalle egter waar foute gevind word, of waar die DNS-toets op die teler se versoek plaasvind, moet die koste deur die teler gedra word.

**12. VEREISTES TEN OPSIGTE VAN AANTEKENING EN/OF REGISTRASIE**

12.1 Behalwe Meatmasterskape wat ooreenkomstig Verordeninge 1.1 geskik sal wees vir aantekening sal die aantekening en/of registrasie van geen Suid-Afrikaans-geteelde Meatmasterskaap oorweeg word tensy behoorlik kennis van geboorte ooreenkomstig Verordening 10 ingedien was nie en beide ouers van sodanige skaap by die Registrerende Owerheid aangeteken of registreer is nie.

12.2 Inspeksie is ŉ vereiste en geen Meatmasterskaap wat nog nie 10 maande oud is, sal geïnspekteer word nie.

12.3 Geen Meatmasterskaap sal aanvaar word vir aantekening en/of registrasie tensy sy vader en moeder onderskeidelik ouer as agt en tien maande ten tyde van geboorte was nie.

12.4 Indien daar twyfel bestaan oor die besonderhede wat op die geboortekennisgewing-/ aansoek om registrasie of meegaande sertifikate van ŉ Meatmasterskaap verskyn, mag die skaap na oordeel van die Raad van registrasie uitgesluit word.

12.5 Die aantekening en/of registrasie van alle Meatmasterskape deur die Registrerende Owerheid word op ontvangs van ŉ geldige geboortekennisgewing/aansoek om aantekening en/of registrasie gedoen en elke teler wat sulke skape het moet ŉ rekord hou, waarin die geboortedatums van alle lammers aangeteken word tesame met besonderhede oor die geslag en teling asook van verkope, vrektes, kastrasies, sterilisering, ens., in gebreke waarvan verdere inskrywings deur die Raad gediskwalifiseer of geweier mag word. Telers kan te eniger tyd deur ŉ Inspekteur gelas word om sodanige verslae vir inspeksie voor te lê.

**13. INSPEKSIE EN PLIGTE VAN DIE INSPEKTEUR/S EN PRODUKSIE-VEREISTES**

13.1 Die Raad sal Inspekteurs aanstel om Meatmasterskape soos wat deur die Raad bepaal mag word, te keur.

13.2 Die Inspekteurs sal die neergelegde keuringstelsel toepas. (Bylae C).

13.3 ŉ Inspekteur sal homself vergewis dat die identifikasie, ouderdom, ens. van die skape aangebied vir keuring, reg aangegee is. Verder moet hy tot eie bevrediging seker maak dat die skape in alle opsigte voldoen aan die rasstandaard en die minimum vereistes, soos van

tyd tot tyd deur die Raad bepaal is.

13.4 Enige teler wat nie met ŉ Inspekteur se beslissing tevrede is nie, mag binne drie weke na die betrokke inspeksie by die Genootskap appèl aanteken. Sodanige appèl moet van ŉ deposito soos deur die Raad vasgestel per inspeksie vergesel wees. ŉ Appèlraad wat deur die Raad aangewys word, sal dan die betrokke skaap of skape inspekteer en, indien die appèl slaag, sal die deposito terugbetaal word. Indien nie, verbeur die appellant sy deposito, en sal hy ook vir die lede van die Appèlraad se reiskoste op die voorgeskrewe skaal aanspreeklik wees.

13.5 Die Inspekteur/s van die Genootskap mag altyd as reklameagente optree en demonstrasies en lesings op geleë plekke hou waar dit moontlik is om plaaslike boere saam te trek, of onder beskerming van distrik-Landbou-unies of Landbougenootskappe.

13.6 Die Inspekteur/s kan skape van telers klassifiseer en gradeer teen sodanige tarief as wat die Raad van tyd tot tyd mag vasstel.

13.7 Die Inspekteur/s mag in opdrag van die Raad van tyd tot tyd sonder waarskuwing ŉ algemene inspeksie van enige kudde doen.

13.8 ŉ Teler mag nie as ŉ Inspekteur van sy eie diere optree nie.

13.9 Inspeksiegelde soos van tyd tot tyd bepaal mag word sal in alle gevalle deur die applikant betaalbaar wees.

## 14. REKORDS VAN MEATMASTERSKAPE

14.1 Meatmasterskape sal deur die Registrerende Owerheid in die Stoetboek aangeteken word.

14.2 Die Stoetboek sal die identifikasienommer, die vader en moeder se identifikasienommers, die datum van geboorte, die naam van die teler en eienaar en die datum van inspeksie bevat.

## 15. OORDRAGTE

15.1 Vir alle verkope of verwisseling van eienaarskap van geregistreerde Meatmasterskape of eiselontvangers, moet die oordrag aan die koper of nuwe eienaar by die Registrerende Owerheid ingedien word en die oordraggelde betaal word deur die verkoper of oordraer.

15.2 Sodanige oordrag moet binne 30 dae na die oordragdatum van die betrokke dier die Registrerende Owerheid van die volledige besonderhede van die oordrag in kennis stel: Op voorwaarde dat indien die oordrag later as 30 dae maar minder as 60 dae na die oordragdatum deur die Registrerende Owerheid ontvang word of meer as 60 dae maar minder as 90 dae na die oordragdatum, die gelde wat met betrekking tot die oordrag verskuldig sal wees, respektiewelik dubbeld en driemaal die bepaalde gelde mag wees.

15.3 ŉ Oordrag wat meer as 90 dae na die oordragdatum deur die Registrerende Owerheid ontvang word, sal deur die Raad oorweeg word en kan aanvaar word na die betaling van sodanige gelde as wat die Raad mag bepaal.

15.4 Die oordragdatum word gereken as die datum waarop die betrokke Meatmasterskaap die besit van die verkoper verlaat.

15.5 Indien die Meatmasterskaap wat oorgedra word, dragtig is, moet die verkoper, tesame met sy

oordrag, van die volledige identifikasie van die manlike dier wat haar gedek het, tesame met die dekkingsdatum/s, of van die manlike dier met wie se semen sy geïnsemineer is, en die inseminasie datum/s, wat ook al die geval mag wees aan die Registrerende Owerheid stuur asook aan die koper voorsien.

15.6 Verandering van eienaarskap sal as plaasgevind beskou word indien ŉ Meatmasterskaap –

(a) verkoop, geruil of geskenk is;

(b) geërf is; of

(c) registreer is in die naam van meer as een eienaar gesamentlik en enigeen (of meer) van sodanige eienaars afstand doen van sy aandeel in die Meatmasterskaap wat so aangeteken is.

15.7 Indien die Raad van mening is dat die verkoper heeltemal in gebreke bly of weier om enige stappe te doen ten uitvoer van sodanige geldige oordrag en in gebreke bly om die tersaaklike inligting te verskaf en indien die nuwe eienaar bereid is om sodanige gelde as wat die Raad mag voorskryf te betaal, mag die Raad met die toestemming van die Registrerende Owerheid, sodanige stappe doen as wat nodig geag mag word om te voldoen aan die wense van die koper: Op voorwaarde dat in so ŉ geval, die boetebepalings wat in Verordeninge 15.2 en 15.3 hiervan neergelê is, op die nuwe eienaar van toepassing mag wees.

15.8 In gevalle van oordrag tussen eggenotes of van ouer na kind of kind na ouer (insluitende aangetroude en kleinkinders) ongeag die feit of dit deur verkoop, skenking of erwing geskied sal slegs die helfte van die voorgeskrewe gelde betaalbaar wees.

15.9 Indien dieselfde persoon meer as een stoetery het moet skriftelike kennis binne 30 dae aan die Registrerende Owerheid gegee word van verskuiwing van enige registreerde Meatmasterskape vanaf die een stoetery na die ander op soortgelyke wyse as kennisgewing van oordrag van sodanige Meatmasterskape. Oordraggelde sal egter nie in sodanige gevalle betaalbaar wees nie.

15.10 Geen verandering sal aan ‘n reeds aangetekende oordragdatum aangebring word nie tensy ‘n aansoek te dien effek, behoorlik deur die betrokke koper en verkoper onderteken, by die Registrerende Owerheid ingedien word.

**16. REGISTRASIESERTIFIKAAT**

Registrasiesertifikate sal uitgereik word deur die Registrerende Owerheid in die vorm soos deur die Genootskap en die Registrerende Owerheid besluit.

Enige lid kan by die Registrerende Owerheid skriftelik aansoek doen om ŉ registrasiesertifikaat of ‘n sertifikaat van ŉ uitgebreide stamboom met betrekking tot ŉ Meatmasterskaap wat in sy naam aangeteken is, teen ‘n koste wat die Registrerende Owerheid van tyd tot tyd bepaal.

Lede kan ook ‘n Registrasiesertifikaat sowel as ‘n sertifikaat van ‘n uitgebreide stamboom direk vanaf die Registrerende Owerheid se stelsel aflaai.

**17. IN- EN UITVOER VAN MEATMASTERSKAPE, SEMEN EN EISELLE**

17.1 Geen genetiese materiaal (diere, semen, eiselle) sal deur die Genootskap vir registrasie

aanvaar word of goedgekeur word vir uitvoer nie sonder dat die nodige permit soos deur die Wet vir Landrasse bepaal, bekom is nie.

Aansoeke vir die in- of uitvoer van Meatmasterskape, hul semen of eiselle sal ooreenkomstig die Wet in triplikaat op die voorgeskrewe vorms, verkrygbaar by die Registrateur, by die Genootskap ingedien word.

Die applikant sal ŉ afskrif van sodanige aansoek tesame met die bepaalde gelde aan die Registrateur voorsien.

17.2 Die Genootskap sal minimum produksie- en ander vereistes vir die in- en uitvoer van Meatmasterskape, semen en eiselle bepaal.

17.3 Ingevoerde Meatmasterskape en skape wat die resultaat is van ingevoerde semen en eiselle wat voldoen aan die minimum vereistes waarna in Verordening 17.2 verwys word en aan die vereistes van die Grondwet voldoen sal in aanmerking kom vir registrasie.

17.4 Die Registrerende Owerheid sal op aanvraag uitvoersertifikate ten opsigte van Meatmasterskape, semen of eiselle uitreik, in die formaat soos deur die Genootskap verlang en deur die Registrerende Owerheid goedgekeur.

## 18. KENNISGEWING VAN GEBEURE WAT DIE KANSELLERING VAN REGISTRASIE NOODSAAK

Indien ŉ Meatmasterskaap wat by geboorte aangemeld of registreer is vrek, gekastreer of gesteriliseer word, of vir slagdoeleindes verkoop word, of indien ŉ ooi nie voor driejarige ouderdom gelam het nie, moet die dier binne 30 dae na sodanige gebeure by die Registrerende Owerheid gekanselleer word.

## 19. KANSELLERING VAN REGISTRASIE

19.1 Die Raad mag by die Registrerende opdrag gee om die registrasie van enige Stoetboek dier te kanselleer waarvan −

(a) geboorte verkeerdelik aangemeld of geregistreer is;

(b) geboorte aangemeld of geregistreer is op grond van valse of bedrieglike inligting wat deur die eienaar verstrek is;

(c) geboorte aangemeld of geregistreer is nadat die eienaar versuim het om te voldoen aan enige verordening waaraan voldoen moet word;

(d) in die geval van ŉ ooi, op die ouderdom van drie jaar nog nie gelam het nie;

(e) in die geval van ŉ ooi, binne twee agtereenvolgende jare nie gelam het nie; of

(f) nie voldoen aan die minimum vereistes soos van tyd tot tyd deur die Genootskap bepaal word nie, en om die teler of eienaar dienooreenkomstig in kennis te stel.

19.2 Voordat daar so om die kansellering van ŉ dier aansoek gedoen word, moet die Genootskap die eienaar van die Meatmasterskaap minstens 30 dae voor die tyd skriftelik, na sy genomineerde adres, kennis gee van sy voorneme om dit te doen.

## 20. HERINSTEL VAN MEATMASTERSKAPE IN DIE STOETBOEK

Indien ŉ Meatmasterskaap gekanselleer is, sal sodanige skaap in die registers van die Registrerende Owerheid herstel word: Op voorwaarde dat die aansoek om herinstelling deur dieselfde persoon aangevra word wat om kansellering daarvan aansoek gedoen het. Gelde wat van tyd tot tyd hiervoor deur die Registrerende Owerheid bepaal word, sal aan die Registrerende Owerheid betaalbaar wees.